# DIE STAATKUNDIGE VERHOUDING VAN SUID-AFRIKA TOT DIE RES VAN AFRIKA IN DIE TYDPERK 1945-1966

---

deur Gerhardus Stephanus Labuschagne, Honns.-B.A.

Verhandeling ingelewer ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. dr. C.P. van der Walt

Pretoria
1967

„South Africa's policy in respect of the rest of Africa can hardly at this stage be regarded as a fully developed and, therefore readily definable concept. It could probably more correctly be described as a doctrine- in- the making, as a process of adjustment to the facts and the needs of a developing situation which has barely begun to shape itself."

(W. van Heerden, 1959)

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie betuig ek, vóór alles, my dank aan God vir Sy liefde en leiding. Deur Sy genade, goedheid en guns word ek in staat gestel om hierdie werk as dankbare offer voor Sy voete te lê.

Hierdie studie dra ek in liefde op aan my ouers. Vir hulle was geen opoffering, van watter aard ookal, ooit te groot om my tot hier te bring nie. Dit was dan ook hulle wat eerste aan my die grondbegin=sel van alle wysheid, die Woord van God, gebring het.

In dankbaarheid dink ek ook aan die Potchefstroomse Universi=teit vir Christelike Hoër Onderwys, waar ek in staat gestel is om die wetenskap in die lig van Gods woord te bestudeer. My dank gaan veral aan my geagte leier, prof. dr. C.P. van der Walt, wat my altyd met sy besieling en opbouende raad en kritiek bygestaan het.

Ek dink met groot waardering aan my twee vriende, Jan A. du Plessis en J.M.T. Labuschagne, vir hulle inspirasie en prikkelende gesprekke. Die invloed daarvan kan ek seker nou nog nie behoorlik na waarde skat nie.

My dank gaan ook aan die volgende persone en instansies: Mnre. D.P. Wissing en F.J. Kotze vir die taalkundige versorging; die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir hulle hulpvaar=digheid en ook die tegniese versorging; die personeel van die Staats=biblioteek en die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika en aan die betrokke amptenare van die Departement van Buitelandse Sake vir hulle opbouende kritiek.

INHOUD

Hoofstuk 1
INLEIDING

I. Doel van ondersoek

II. Metode van uiteensetting

III. Bronne en bronneverwysings

Hoofstuk 2
DIE TYDPERK 1945-1948

I. Agtergrond 6

1. Die internasionale posisie na die Tweede Wêreldoor=
log 6
2. Afrika na die Tweede Wêreldoorlog 11
3. Die binnelandse posisie van Suid-Afrika 12

II. Genl. Smuts en Suid-Afrika se verhouding tot Afrika 14

III. Suid-Afrika se verhouding tot sy buurgebiede 21

1. Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die V.V.O. - die
begin van 'n internasionale geskil 21
2. Suid-Afrika en sy ander buurgebiede 27

IV. Samevatting 27

Hoofstuk 3
DIE TYDPERK 1948-1954

I. Agtergrond 30

1. Gebeure in Afrika 30
2. Die posisie in Suid-Afrika - Apartheid en die wêreld=
mening 32

II. Suid-Afrika se Afrikabeleid gedurende die tydperk 1948-1954 33

1. Die Te Water-sending 33
2. Malan se Afrikahandves 39
3. Suid-Afrika se reaksie op die opkoms van Afrika=nasionalisme 42

III. Suid-Afrika en sy buurgebiede in die tydperk 1948-1954 45

1. Die Protektorate 45
2. Die konflik oor Suidwes 50
3. Suid-Afrika en die Sentraal-Afrikaanse gebiede 52

IV. Samevatting 54

Hoofstuk 4
DIE TYDPERK 1954-1958

I. Agtergrond 56

1. Die vrywording van Afrika 56
2. Die internasionale belangstelling in Afrika 56
3. Die Suid-Afrikaanse binnelandse politiek 59

II. Strydom en Louw - die begin van 'n nuwe era in Suid-Afrika se verhouding tot Afrika 59

III. Suid-Afrika en die „nuwe" Afrika 61

1. Die invloed van die internasionale belangstelling op Suid-Afrika se verhouding tot die kontinent 61
2. Erkenning van die Afrikalande 62
3. Die hand van vriendskap 64
4. Diplomatieke verteenwoordiging 67
5. Die mislukking van Suid-Afrika se vriendskapspogings 68

IV. Die verhouding tussen Suid-Afrika en sy buurgebiede 69

V. Samevatting 71

Hoofstuk 5
DIE TYDPERK 1958-1966

I. Agtergrond 74

1. Vry Afrika en die wêreldpolitiek 74
2. Binnelandse gebeure in Suid-Afrika 75

II. Suid-Afrika se verhouding tot vry Afrika 77

1. Die blanke se posisie in Afrika 77
2. Suid-Afrika se posisie in en verhouding tot die „nuwe" Afrika 81

III. Suid-Afrika en sy onmiddellike buurgebiede 84

1. Suid-Afrika en die Britse Protektorate 86
2. Die geskil oor Suidwes-Afrika 88
3. Suid-Afrika en Rhodesië 90

IV. Samevatting 91

Hoofstuk 6
'N SLOTBESKOUING 93

BIBLIOGRAFIE 98

# Hoofstuk 1
# INLEIDING

## I. Doel van ondersoek

Hoewel die noordwaartse strewe 'n belangrike kenmerk van Suid-A= frika se geskiedenis was, veral sedert die Groot Trek, is dit met die ver= dwyning van die Boererepublieke aan die begin van die twintigste eeu beëin= dig. Sedertdien het Suid-Afrika se belangstelling grotendeels beperk gebly tot gebeure ten suide van die Limpopo. Sporadies was daar wel 'n opflik= kering van belangstelling in die lotgevalle van blanke volks- en kultuurge= note in ander gebiede van die kontinent, maar dit was veel eerder die uit= sondering as die reël.

Ons het dus hier met 'n anomalie te doen, want hoewel die blanke in Suid-Afrika hom vroeg reeds met „Afrikanerskap" vereenselwig het en van die suidpunt van die kontinent sy vaderland gemaak het, het hy hom nooit ten volle vereenselwig met die feit dat hy deel vorm van Afrika nie. Suid-Afri= ka het verkies om homself as uitbreiding van die Wes-Europese samelewing te sien, iets wat natuurlik verstaanbaar is as gevolg van sy historiese en kulturele bande met dié gebied. Dit was deels daarvoor verantwoordelik dat hy in geestelike afsondering teenoor die res van die vasteland verval het. Geografiese faktore, beskawings- en kultuurverskille en die feit dat dit baie lank geduur het voordat die internasionale belangstelling op Afrika toegespits is, het veroorsaak dat die geskiedenis van Suid-Afrika tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 feitlik heeltemal van dié van die res van die vasteland geskei kon word.

Die afloop van die oorlog en die daarmee gepaardgaande gevolge het egter 'n einde aan hierdie toedrag van sake gemaak. Die tydperk sedert 1945 is gekenmerk deur revolusionêre veranderinge binne die internasionale raamwerk. Hierdie proses word volledig in die volgende hoofstuk bespreek

en daarom is dit genoeg om daarop te wys dat dit gekenmerk is deur die ont= staan van 'n „nuwe" wêreld, 'n „nuwe" Afrika en selfs 'n „nuwe" Suid-Afrika. Die Wes-Europese koloniale orde wat as buffer én skakel tussen Suid-Afrika en die res van die vasteland gedien het, het verbygegaan en is vervang deur nuwe nie-blanke Afrikastate. Dit het Suid-Afrika in 'n heeltemal nuwe posi= sie in die kontinent geplaas en hom gedwing om sy afsydigheid van gebeure ten noorde van die Limpopo te laat vaar en hom mettertyd daarna laat streef om sy volwaardige plek as blanke staat in Afrika in te neem. Hierdie proses het nie oornag en sonder slag of stoot plaasgevind nie; dit het gepaard gegaan met baie wantroue en min sukses. Tog het Suid-Afrika aan die einde van die onderhawige periode (1945-1966) daarin geslaag om met 'n deurbraak te kom wat die begin kan wees van 'n nuwe tydvak in sy verhouding tot die res van Afrika.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om aan te toon hoedat Suid-Afri= ka ontwikkel het uit 'n vooroorlogse belangeloosheid in gebeure in Afrika tot 'n moondheid wat sy posisie en verantwoordelikheid as deel van die vasteland ten volle erken en ervaar. Daar word dus ingegaan op die faktore wat die ontstaan van die nuwe verhouding bepaal het; die probleme wat daaruit ont= wikkel het en in die weg daarvan gestaan het; die oplossings wat daarvoor gesoek is en die nuwe moontlikhede wat daaruit voortgespruit het.

## II. Metode van uiteensetting

Dit volg uit die aard van die saak dat die behandeling van hierdie on= derwerp hoofsaaklik histories-beskrywend sal wees. Daar is egter nie ge= poog om streng by die chronologiese opeenvolging van besonderhede te bly nie; ook nie om 'n gedetailleerde ontleding van gebeure weer te gee nie. Veel eerder is daar probeer om die breë lyne aan te toon en saam te vat.

Vir hierdie doel is die onderwerp verdeel volgens die bewindstydperke van die verskillende Suid-Afrikaanse eerste ministers gedurende die periode 1945-1966, dit wil sê:

1945-1948 - die tydperk van genl. J.C. Smuts;

1948-1954 - die tydperk van dr. D.F. Malan;

1954-1958 - die tydperk van mnr. J.G. Strydom; en

1958-1966 - die tydperk van dr. H.F. Verwoerd.

Hierdie indeling is gebruik omdat die geskiedenis van Suid-Afrika se buite=landse beleid gekenmerk word deur die aktiewe rol wat die eerste ministers in die formulering en/of vertolking daarvan gespeel het. Dit blyk baie dui=delik uit die feit dat die portefeulje van Buitelandse Sake tot en met 1955 nog deur die verskillende eerste ministers self waargeneem is. Ook in die tyd=perk daarna is die individuele stempel wat deur die premiers op Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika afgedruk is, nog duidelik merkbaar.

Elkeen van die hoofstukke is hoofsaaklik in drie hoofafdelings verdeel, naamlik:

1. Agtergrond, waarin internasionale en plaaslike faktore wat die verhou=ding direk beïnvloed het, bespreek word;
2. Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika in die algemeen; en
3. sy staatkundige verhouding tot sy onmiddellike buurgebiede.

Laasgenoemde is weer in drie afdelings verdeel, naamlik Suid-Afrika se verhouding tot:

i. Die voormalige Britse Protektorate in Suid-Afrika;
ii. Suidwes-Afrika; en
iii. Rhodesië.

Waar hoofstukke 2 tot 5 hoofsaaklik histories-beskrywend van aard is, is daar in die slothoofstuk - hoofstuk 6 - gepoog om 'n analities-konkluderen=de oorsig van die onderwerp te gee.

Hoewel die begrip „staatkundige verhouding" meer as net 'n politieke verhouding impliseer, het die omvang van hierdie werk dit vanselfsprekend

onmoontlik gemaak om ook breedvoerig in te gaan op die ekonomiese, mili=têre, kulturele en tegnologiese verhoudinge wat ook daarmee saamval. Waar dit egter die politieke verhouding direk beïnvloed het, is daar wel by stilge=staan.

## III. Bronne en bronneverwysings

Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika is 'n resente ontwikkeling in die land se geskiedenis. Daarom lê hierdie ondersoek=veld feitlik nog heeltemal braak. Dit kom baie duidelik na vore in die feitlik algehele gebrek aan primêre én sekondêre bronne. Daar is wel baanbrekers=werk op hierdie gebied gedoen deur 'n aantal Suid-Afrikaanse koerantredak=teurs, waaronder die name van W. van Heerden, G.D. Scholtz, A.M. van Schoor en P.J. Cillie besondere vermelding verdien. Die waarde van hier=die werk word egter dikwels gestrem deur die feit dat die koerantmedium te impressionisties van aard en te veel aan die oomblik gebonde is. Die enigste Suid-Afrikaner wat werklik dieper op hierdie ontwikkeling ingegaan het, is G.D. Scholtz in sy „Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld". Hierdie onderwerp het tot nog toe ook weinig aandag van buitelandse skrywers ontvang.

Dit, tesame met die ontoeganklikheid van amptelike dokumente, het uit die aard van die saak hierdie studie aansienlik bemoeilik. Die aangehaal=de werke behandel almal in 'n mindere of meerdere mate sekere aspekte van die onderwerp. Debatte van die Volksraad en koerantverslae oor toesprake en gebeure is egter die vernaamste bronne wat gebruik is.

In die bronneverwysings is gebruik gemaak van die bibliografiese styl van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

* * * * * * *

Die aktualiteit van Suid-Afrika se posisie in Afrika het veral in die tydperk sedert Republiekwording in 1961 aansienlik toegeneem. Met hier= die studie word daar gepoog om meer lig te werp op die ontwikkelinge wat aan die toestand sy huidige belangrike beslag verleen het. Dit is verder ook 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die kennis en bestudering van Suid-Afrika se buitelandse beleid wat tot nog toe grootliks verwaarloos is en agterweë gebly het.

Hoofstuk 2
DIE TYDPERK 1945-1948

## I. Agtergrond

Voordat ons kan oorgaan tot n bespreking en ontleding van Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika gedurende die jare 1945-1948, is dit no= dig dat ons eers moet let op n aantal faktore wat as agtergrond tot hierdie verhouding dien en in 'n groot mate die karakter daarvan bepaal het. Eerstens word die internasionale politieke toneel na die Tweede Wêreldoorlog bespreek, tweedens die toestande in Afrika gedurende hierdie tydperk en derdens die bin= nelandse posisie van Suid-Afrika self. Uit die aard van die saak word slegs dié faktore behandel wat help om die posisie van Suid-Afrika in die wêreld en in Afrika te bepaal.

### 1. Die internasionale posisie na die Tweede Wêreldoorlog

Met die afloop van die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n einde gekom aan 'n era in die wêreldgeskiedenis. Die ou stelsel van magsbalans („balance of power") waarop die internasionale politiek sedert die Vrede van Wesfale in 1648[1)] berus het, het verbygegaan. In die plek van die multipolêre mags= verdeling, waarin Wes-Europa nog 'n baie belangrike rol gespeel het, het nou 'n bipolêre verhouding ontstaan met die V.S.A. en Rusland as teenoor= staande pole. Uit die verdwyning van die ou magskonsert („concert of powers") het hierdie twee lande as die groot supermagte te voorskyn getree. Hierdie posisie is veroorsaak deur twee faktore, naamlik die verswakking van Wes-Europa en die „quasi-" alleenbesit van kernwapens deur Rusland en Amerika.

Die oorheersende rol van die Wes-Europese volke gedurende die vori= ge en die eerste helfte van die huidige eeu, is ongetwyfeld die vernaamste ken=

1) Robertson. International politics since World War II, p.5.

merk van hierdie tydperk. „Dat 'n enkele kultuur en beskawing daarin kon slaag om al die ander onder sy gesag en invloed te bring, was in die lang ge= skiedenis van die mensdom 'n unieke gebeurtenis."[2] Aan die ander kant kon hierdie volke nie daarin slaag om in vrede te woon nie en het hulle feitlik voortdurend teen mekaar oorlog gevoer. Die proses het sy hoogtepunt bereik tydens die twee wêreldoorloë van die twintigste eeu. Uit die Tweede Wêreld= oorlog het soveel geestelike en materiële verwoesting voortgespruit dat Wes-Europa daarna nie meer daartoe in staat was om sy eertydse leiersposisie in die internasionale politiek voort te sit nie. Die oorgawe van die Spilmoond= hede was inderdaad die kaputilasie van Wes-Europa as wêreldleier. Die ein= de van die oorlog het dus 'n nuwe dimensie in internasionale verhoudinge laat ontstaan, want: „there can be no doubt that the change in Europe's political standing was a revolution of first magnitude, which radically altered the character and conditions of international relations."[3] Uit hierdie groot verswakking van Wes-Europa het dus twee belangrike uitvloeisels voortge= spruit: Enersyds was daar 'n magsverskuiwing in die Westerse wêreld van Wes-Europa na Amerika en andersyds het Sowjet-Rusland as leier van die Ooste na vore getree om 'n direkte bedreiging vir die Weste te vorm.

'n Uiters belangrike kenmerk van hierdie bipolêre magsverdeling is die feit dat die twee pole aanhangers van twee teenoorstaande en vyandigge= sinde ideologieë is. Amerika staan as leier van die kapitalistiese Weste in direkte konflik teenoor Rusland as die draer van die kommunistiese ideologie. Die mi ltitante pogings van Rusland om die kommunisme na die oorlog in Eu= ropa te vestig, het hom direk in stryd met Amerika en Wes-Europa gebring. Dit was die basis vir die verdeling van die wêreld in twee teenoorstaande magsblokke en die begin van die sogenaamde Koue Oorlog; die aanhangers van die een ideologie sien in die beginsels en optrede van die ander 'n bedrei=

2) Scholtz. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld, p.12.

3) Barraclough. An introduction to contemporary history, p.89.

ging vir sy eie voortbestaan. Dit het veroorsaak dat die internasionale po= litiek na die Tweede Wêreldoorlog op 'n vreesbalans berus. „Fear is the counselor of much of human action; whether or not it is justified matters less than the fact of its existence. Between the United States and the Soviet Union it does not seem unfair to say that mutual fear and suspicion have been at the root of relations."[4] Die internasionale uitbreidingsdrang wat die kommunistiese ideologie kenmerk, het spoedig daartoe gelei dat die Koue Oorlog van Europa na ander gebiede en vastelande uitgebrei het. Sodoende het die Koue Oorlog 'n internasionale omvang verkry, wat ou verskille oor= koepel en ander bondgenootskappe deur sny. „Hierdie verdeling van die mens= dom in ideologiese kampe is 'n verskynsel van resente datum ... Dit loop dan ook deur al die ou skeidslyne wat die geskiedenis voorheen tussen mens en mens getrek het."[5]

Afgesien van die skerp ideologiese verdeling, het daar na die oorlog 'n ander verdeling op die toneel verskyn wat 'n groot invloed op die interna= sionale verhoudings het. In hierdie verband word verwys na die teenstelling in die posisie van die verskillende rasse waaruit die mensdom bestaan. Ras= severskille en -stryd kan wel nie beperk word tot slegs die tydperk sedert 1945 nie, maar na die oorlog het dit 'n nuwe stukrag verkry. Dit hang ten nouste saam met twee aspekte wat reeds aangeraak is, naamlik die agteruit= gang van Wes-Europa en die Koue Oorlog. Hierby moet egter 'n ander uiters belangrike faktor gevoeg word, naamlik die opkoms van nie-blanke nasiona= lisme. Die Wes-Europese verswakking het spoedig weerklank gevind in die koloniale gebiede in Asië. Asiatiese nasionalisme, wat tydens die oorlog deur die Japanse oorwinnings oor Westerse lande aangewakker is, het skie= lik opgevlam. Die koloniale moondhede van Wes-Europa het geredelik aan hierdie druk toegegee. Dit moet hoofsaaklik toegeskryf word aan „'n diep

4) Albrecht-Carrié. A diplomatic history of Europe, p.616.

5) Scholtz. Die stryd om die wêreld, p.525.

skuldgevoel wat by die Europa-mens ontstaan het in verband met sy kolonia= le bedrywighede wat buite alle verhouding gestaan het tot die werklikheid."[6] Hierby moet ook nog gelet word op die karakter van die Koue Oorlog, waarin alles in die stryd gewerp word om soveel mense moontlik na een van die twee ideologiese kampe oor te haal. „In die Weste heers ten regte of ten onregte die opvatting dat die kommunistiese bedreiging alleen die hoof gebied kan word, indien die nie-blanke volke van Asië en Afrika hulle ook by die anti-kommu= nistiese blok skaar."[7] In hierdie proses het dus nuwe onafhanklike state na vore getree wat feitlik onmiddellik faktore geword het om mee rekening te hou in die internasionale politiek.[8] Die gevolg van al hierdie gebeure was dat die mensdom vandag meer rasbewus is as ooit tevore. Alle vraagstukke oor die verhouding tussen rasse het skielik die brandpunt van internasionale belangstelling geword.

Dit dan sover dit die politieke aspek van die na-oorlogse wêreld aan= betref. Dit is egter nog eers nodig om te let op die groot invloed wat weten= skaplike en tegnologiese vooruitgang sedert 1945 op die gebied van die inter= nasionale politiek gehad het. Hier is veral twee faktore van belang, naamlik die snelle ontwikkeling op die gebied van vervoer en telekommunikasie en die skepping van kernwapens.

Die geskiedenis van die mensdom deur die eeue is in 'n baie groot mate bepaal deur afstand. Dit was in die verlede altyd dié faktor wat daar= toe bygedra het dat gebeure relatief tot 'n sekere deel van die wêreld beperk gebly het. Hoewel die mens reeds in die tydperk voor die Tweede Wêreldoor=

6) Van der Walt, A.J.H. Die ontstaan en ontwikkeling van Pan-Afrikanisme en die implikasies daarvan. Blik op Afrika, p.306.

7) Scholtz. Die stryd om die wêreld, p.527.

8) Terwyl hierdie ontwikkeling in die Ooste aan die gang was, het toestande in Afrika egter nog rustig verloop. Dit wou voorkom asof die Wes-Europese koloniale moondhede hulself weer net soos vóór die oorlog sou kon handhaaf. Dit was egter net 'n tydelike toestand, want nasio= nalisme sou spoedig ook in Afrika ontwaak. Dit val egter buite die bestek van hierdie hoofstuk en sal later behandel word.

log baie gedoen het om afstand te oorbrug, het die werklik skouspelagtige ontwikkeling op hierdie gebied eers na die oorlog plaasgevind. Die skepping van straalvliegtuie, verbeterde pad- en spoorverbindings en moderne kom= munikasiemiddels het die wêreld laat krimp en afstand as 'n bepalende fak= tor in wêreldgebeure feitlik heeltemal laat verdwyn. Gevolglik het isolasie as 'n uitgangspunt in internasionale verhoudinge verouderd geraak. „Wat in die een deel van die wêreld gebeur, vind onmiddellik weerklank in alle ander dele. Selfs die binnelandse beleid van 'n bepaalde moondheid of volk het nou 'n aangeleentheid geword waarmee die res van die wêreld hom besig hou."[9)]

Die ontwikkeling van kernwapens is miskien die enkele faktor wat die vernaamste invloed gehad het op die verandering wat daar in die na-oorlogse wêreld ingetree het en die rol hiervan in die internasionale politiek kan nou= liks oordryf word. Vir die eerste keer in sy geskiedenis beskik die mensdom vandag oor wapens wat hom in staat stel om alle vorms van lewe op een slag uit te wis. Die feit dat albei teenoorstaande magsblokke in die huidige inter= nasionale konstellasie oor kernwapens beskik, vererger die toestand nog verder. Die hele toestand kan miskien die beste soos volg gestel word: „In a single moment, problems of international conflict and cooperation, of war and peace, had become questions of the future of mankind, even of its survival."[10)]

Dit volg vanself dat hierdie fundamentele veranderings en ontwikke= lings op die gebied van die natuurwetenskap en die tegnologie ook fundamen= tele veranderings aangebring het in intermenslike verhoudings in die alge= meen en in die internasionale politiek in die besonder.

* * * * * * *

9) Scholtz. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld, p. 14.
10) Palmer & Perkins. International relations, p. 773.

Deur die Tweede Wêreldoorlog is dus baie van die ou ordes omver= gewerp; ou magseenhede is verswak en nuwes het op die toneel verskyn, nuwe nasionale state het ontstaan en deur tegnologiese vooruitgang het die wêreld „klein" en gevaarlik geword. Dit is dan die breë agtergrond waar= teen ons Suid-Afrika se posisie na 1945 in die wêreld in die algemeen en in Afrika in die besonder moet sien.

## 2. Afrika na die Tweede Wêreldoorlog

Die opvallendste feit in Afrika se posisie na die Tweede Wêreldoorlog was dat die kontinent nie onmiddellik veel tekens van nasionale ontwaking ge= toon het nie. In die koloniale gebiede aan die Middelandse See het daar reeds in die jare voor die oorlog tekens van onrus voorgekom, veral in lande soos Marokko, Algerië en Tunisië; hierdie gebiede val tradisioneel binne die invloedsfeer van Europa en dit is te verstane dat die veranderde wêreldtoes= tand eerste hier weerklank sou vind. Hoewel die opflikkerings van nasiona= lisme in Afrika dus eers tot die gebied ten noorde van die Sahara beperk was, het dit as voortekens gedien van veranderings wat spoedig na die res van die vasteland sou uitbrei. Suid van die Sahara was die posisie na die oorlog eg= ter nog kalm en rustig en daar was feitlik geen tekens dat die oorlog van ses jaar enige invloed op die gebied gehad het nie. Die koloniale bestuur van die betrokke Wes-Europese lande kon dus ongestoord voortgesit word.

Die optrede van die Wes-Europese moondhede in Afrika is gedurende hierdie tydperk veral deur ekonomiese en strategiese oorwegings gelei.[11] Enersyds het die kolonies grondstowwe en ander natuurlike hulpbronne opge= lewer wat noodsaaklik was vir die ekonomiese opbou van die moederlande na die oorlog, en andersyds kon die kontinent strategiese diepte aan Europa bied in geval van 'n aanval deur Rusland.

Dit is dan kortliks die agtergrond waarteen ons Suid-Afrika se ver=

11) Scholtz. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wèreld, p.122.

houding tot die res van Afrika in die tydperk 1945-1948 moet sien.

### 3. Die binnelandse posisie van Suid-Afrika

In enige politieke stelsel speel binnelandse vraagstukke en beskouings 'n belangrike rol in die formulering van buitelandse beleid. Dit kan soos volg verklaar word: „Foreign and domestic politics resemble the positive and negative components of electric current: Eliminate one and the other will not function; they produce power only when combined."[12] Hoewel hierdeur nie ontken kan word dat daar wel nog suiwer binnelandse vraagstukke in die na-oorlogse wêreld bestaan nie, is daar min wat nie geraak word deur wê= reldtoestande en 'n betrokke land se verhouding tot ander lande nie. Dit is ook van toepassing op Suid-Afrika. Daarom is dit telkens nodig dat ons eers moet let op Suid-Afrika se binnelandse posisie voordat ons kan oorgaan tot 'n ontleding van sy verhouding tot die res van Afrika.

Op binnelandse gebied is die toneel in Suid-Afrika in die eerste jare na die oorlog oorheers deur 'n proses van heropbou en konsolidasie. Gedu= rende die oorlog kon die regering nie voldoende aandag aan binnelandse aan= geleenthede gee nie en die posisie is na die oorlog aansienlik bemoeilik deur probleme wat uit die proses van demobilisasie voortgespruit het.[13] Daar moes dus dringend aandag geskenk word aan binnelandse sake, met die ge= volg dat buitelandse verhoudings in hierdie tydperk nie altyd in die brandpunt van regeringsoptrede gestaan het nie.

Een van die vernaamste probleme waarmee die regering van genl. Smuts te doen gekry het, was die rassevraagstuk. In Natal het die Indiërbe= volking onrus veroorsaak, wat tot ernstige verskille met die Indiese regering gelei het. Daar het ook onrus in die nie-blanke arbeidskringe voorgekom en daar was aanduidings dat Kommuniste hiervoor verantwoordelik was. Die

12) London. The making of foreign policy, p.54.

13) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.554.

rasseprobleem in Suid-Afrika in die jare wat onmiddellik na die oorlog gevolg het, kom hoofsaaklik op die volgende neer: „Since the war, lasting and sweeping changes had been taking place in the field of race relations through= out the world. South Africa's national domestic problem was profoundly af= fected by what was happening elsewhere."[14] Mettertyd sou dit ontwikkel in 'n strydpunt wat Suid-Afrika se buitelandse verhoudinge, en in die besonder sy verhoudinge met Afrika, ten diepste sou beïnvloed. Hieroor egter later meer.

'n Ander aspek wat hier ter sprake moet kom, is Suid-Afrika se af= sydigheid van gebeure in die res van die kontinent. Selfs so laat as 1950 kon 'n Suid-Afrikaanse weekblad nog die volgende hieroor skryf: „'n Bietjie hoflikheidskontak met Suid-Rhodesië, 'n weinig sendingwerk in Niassaland en elders, en die laaste tyd die eerste en nog veels te halfhartige aanknoping van diplomatieke en handelskonneksies met 'n paar sentrums, en dit was min of meer die totaal van ons (Suid-Afrika) belangstelling in Afrika ten noorde van die Limpopo."[15] In hierdie tydperk was daar wel reeds aanduidings dat die Unie besig was om sy ou standpunt van betreklike isolasie van wêreldge= beure af te skud, soos blyk uit sy aandeel in die stigting van die V.V.O. en sy daaropvolgende lidmaatskap van die wêreldliggaam.

Sonder vrees vir teenspraak kan daar dus gesê word dat Suid-Afrika in die jare 1945-1948 nog grootliks onbewus was van sy plek en rol in Afrika en van die groot invloed wat die kontinent op die verloop van sy geskiedenis sou hê.

Dit is dan korliks die posisie wat in Suid-Afrika geheers het in die beginjare van sy staatkundige verhouding tot die res van die vasteland.

14) Id. The age of the generals, p.219.

15) Dagbreek en Sondagnuus: p.2, kol. 2, 6 Aug. 1950.

## II. Genl. Smuts en Suid-Afrika se verhouding tot Afrika

Voordat ons kan oorgaan tot 'n bespreking van Suid-Afrika se verhou= ding tot die res van die kontinent gedurende die regeringstyd van genl. J.C. Smuts is dit eers nodig om te let op twee kenmerke van sy persoonlikheid wat 'n groot invloed op hierdie verhouding gehad het.

Nieteenstaande die algemene afsydigheid van Suid-Afrika teenoor ge= beure ten noorde van die Limpopo, was daar tog 'n aantal leidende persoon= likhede wat 'n wyer Afrika-visie openbaar het. Meestal was hulle nog geïso= leerde uitsonderings wat hulle mense en tyd ver vooruit was.[16] Onder hulle kan die naam van Smuts nouliks oorbeklemtoon word. Reeds so vroeg as die afloop van die Eerste Wêreldoorlog (in 1917) het hy profetiese sienings oor die toekoms van die kontinent aan die dag gelê wat hom ver voor sy tydgenote geplaas het. Hoewel sy toekomsvisie nie altyd korrek was nie, is dit tog be= langrik dat hy die wisselwerking van omstandighede en gebeure in Suid-Afrika en die res van die vasteland raakgesien het. Hy het „'n besonder belangrike aandeel daarin gehad om Suid-Afrika se blik te verhelder en oor die Limpopo en Sambezi heen weer noordwaarts op Afrika te vestig."[17]

Die tweede faktor wat hier van belang is - en waaruit bogenoemde in 'n groot mate voortspruit - is Smuts se holistiese beskouings. So is sy hele politieke loopbaan gekenmerk deur 'n gesigspunt waarby alles in die lig van die omvattende geheel gesien is. Hy het Suid-Afrika gesien teen die agtergrond van gebeure in Afrika, waarvan hy noodwendig deel is en waarvan hy nooit losgemaak kan word nie. Afrika, saam met die ander vastelande, was weer deel van die groot internasionale geheel. In 'n tydperk toe isolasie nog 'n uitgangspunt in internasionale verhoudinge was, het hy dus reeds perspektief gehad op die wêreldtoestand soos dit na die Tweede Wêreldoorlog sou ontwik= kel.

16) Coetzee, J.H. Die onbekende Afrika. Blik op Afrika, p.21.

17) Ibid.

Hierdie twee aspekte moet steeds in gedagte gehou word wanneer daar ingegaan word op die stand van Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika in die jare 1945-1948.

Die opvallendse kenmerk hiervan is dat daar in hierdie jare geen skou=spelagtige veranderings of nuwe beleidsrigtings ontstaan het nie. Dit kan hoofsaaklik aan twee oorsake toegeskryf word: Eerstens het Suid-Afrika - soos trouens die hele wêreld in hierdie periode - nog te na aan die pas afge=lope oorlog gestaan. Daar was nog nie genoeg tyd om weer stabiele orde te skep uit die ontwrigting wat daardeur veroorsaak is nie. Daarom was dit vir Suid-Afrika nog feitlik onmoontlik om met werklik doelgerigte beplanning in sy verhouding tot die res van die vasteland na vore te kom. In die tweede plek het die reeds genoemde binnelandse onsekerheid[18)] die daarstelling van 'n doelgerigte Afrikabeleid verder bemoeilik.

Die basis van die Suid-Afrikaanse beleid ten opsigte van Afrika was dat die politieke toestand soos vóór die Tweede Wêreldoorlog behou moes word.[19)] Hierdie standpunt is trouens ook deur die Wes-Europese koloniale moondhede gehuldig. In 'n groot mate was hierdie uitgangspunt kortsigtig omdat dit nie daarmee rekening gehou het dat die skok-effek van die oorlog ook 'n invloed op Afrika sou hê nie. Aan die ander kant was politieke chaos en onsekerheid 'n kenmerk van hierdie tyd en daar die kontinent nog nie tekens van ware nasionale oplewing begin toon het nie, was 'n strewe om die „status quo" te handhaaf nie heeltemal ongeregverdig nie.

Hoewel die verhouding tussen Suid-Afrika en die res van die kontinent in hierdie tydperk nie groot veranderinge ondergaan het nie, is dit tog nodig om te let op Smuts se siening daarvan, omdat dit in baie gevalle die basis vorm van die beleid wat deur sy opvolgens geformuleer is.

18) Sien supra p. 12.

19) Scholtz. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld, p. 120.

Soos reeds gestel het die geheelbeeld die prominente plek ingeneem in Smuts se siening van Afrika. Oorspronklik het hy die beskouing gehuldig dat Suid-Afrika die uitgangspunt moet wees waarvandaan die beskawing oor die vasteland uitgedra moes word; dat hy uiteindelik deel sal wees van die groot beskaafde kontinent, waarin die beskawingsfaktor nasionale grense sal oorkoepel en selfs sal ophef. So het hy reeds in 1917 verklaar: „Die tye na= der vinnig wanneer die byna foutief sal wees om te praat van ‚Suid'-Afrika, want die noordelike grense van ons beskawing sal hulle dan so ver uitgebrei het dat dit byna onmoontlik sal wees om langer die woord ‚Suid' te gebruik, behalwe as herinnering aan die oorspronklike uitgangspunt."[20]

Hoewel hy mettertyd gedwing is[21] om af te sien van Suid-Afrika as samebindende faktor in die vasteland, het Smuts steeds bly dink aan eenheid in Afrika. Daarom het die idee van Pan-Afrikaanse samewerking[22] hom steeds meer aangegryp. Tydens 'n toespraak in 1936 het hy verwys na die „familiekarakter" wat die samewerking tussen die verskillende state van A= frika moet kenmerk, en gesê: „Let us in Africa at least act in the spirit of a small League of Nations."[23]

Hy het hom ook nooit vereenselwig met die versnippering van Afrika deur die koloniale moondhede nie. Die gesentraliseerde bestuursinstellings waardeur hulle die kontinent geadministreer het, was vir hom 'n stemmende faktor in die doeltreffende ontwikkeling van die kolonies. As oplossing hier= voor - soos uiteengesit in 'n toespraak voor die „Empire Parliamentary

20) Smuts, J.C. (snr.) Groter Suid-Afrika, p.19.

21) Hier word verwys na Smuts se vrugtelose pogings van 1922 om Rhodesië te oorreed om deel van Suid-Afrika te word, asook dit wat deur G.D. Scholtz Suid-Afrika se onvermoë om die beleid van die koloniale moondhede in Afrika te beïnvloed, genoem word.

22) Op hierdie tydstip het Pan-Afrikaanse samewerking natuurlik slegs sa= mewerking tussen Suid-Afrika en die Wes-Europese koloniale moond= hede beteken.

23) Blankenberg. The thoughts of General Smuts, p.215.

Association" - het hy die nouer saamgroepering van streeksgebiede op die vasteland bepleit, naamlik Wes-Afrika, Oos-Afrika en Suidelike Afrika. Hierdie proses sou dan lei tot die ontwikkeling van koloniale vryheid en ver= antwoordelikheid wat volgens hom die algemene ontwikkelingsgang van kolo= niale groei is.[24)]

Die siening van Afrika as 'n eenheid het dié voordeel bevat dat Smuts in staat was om die wisselwerking van gebeure op die vasteland in perspek= tief te sien. Dit het egter die nadeel ingehou dat hy dikwels nie die geweldige krag van die kontinent se verskille kon raaksien nie. Kortom, hy kon die eenheid binne die Afrikageheel raaksien, maar nie die verdeeldheid nie. Dit het in 'n belangrike mate Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika in die tydperk 1945-1948 bepaal.

Die tweede aspek van Smuts se Afrikabeleid hang ten nouste saam met die feit dat hy voortdurend bewus was van die wisselwerking van gebeure in Afrika. Dit het hom onder die besef gebring van die noue verbintenis tussen Suid-Afrika se veiligheid en gebeure ten noorde van die Limpopo. Sy hele optrede as politieke figuur in Suid-Afrika word gekenmerk deur 'n strewe om die land teen militêre bedreiging vanuit die noorde te vrywaar. Dit was dan ook een van die grondkenmerke van Suid-Afrika se buitelandse beleid in die regeringstyd van Smuts.

'n Gemilitariseerde inboorlingbevolking op die Afrikaanse vasteland was vir hom die grootste gevaar in hierdie verband; reeds so vroeg as aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het hy gewys op die gevaar wat dit vir Suid-Afrika en die hele Westerse wêreld inhou. Daarom het hy 'n beroep ge= doen op die betrokke koloniale magte om die bewapening van hulle kolonies te belet en die hoop uitgespreek dat daar met hierdie bedreiging rekening ge= hou sal word in die toekomsbeplanning van Afrika.[25)] Dit het egter op do=

24) Keesing's contemporary archives, 1943-'46. p.6067.

25) Smuts, J.C. (snr.), op.cit., p.21.

we ore geval. Hierdeur is die volgende stelling baie duidelik geïllustreer: „The most obvious fact about small powers is that their foreign policy is governed by the policy of others."[26] In hierdie tydperk het Suid-Afrika in sy verhouding tot die koloniale moondhede van Wes-Europa beslis in die posisie van 'n klein moondheid in Afrika verkeer. Dit was hoofsaaklik die rede waarom hy nie hulle koloniale beleid kon beïnvloed nie en waarom die posisie van Suid-Afrika selde deur hulle in ag geneem is. Hierdie toedrag van sake sou later nog duideliker na vore kom.

Die anneksasie van Abessinië deur Italië en die algemene onseker= heid van toestande in Europa in die tydperk vóór die Tweede Wêreldoorlog het in Suid-Afrika die vrees laat ontstaan dat daar 'n nuwe tydperk van Afri= kaverdeling deur die lande van Europa kon begin. Dit het by Smuts die idee laat ontstaan van 'n verdedigingsooreenkoms vir Afrika, geskoei op die lees van die Amerikaanse Monroeleer.[27] Die invloed van Suid-Afrika op die vasteland was egter te swak om hom die inisiatief te laat neem en dit was reeds duidelik dat die koloniale moondhede beswaarlik vir so 'n „Afrika-Monroeleer" te vinde sou wees. Hy is dus gedwing om 'n ander oplossing te soek. Hy het begin dink aan die daarstelling van 'n volkebond vir Afrika, ge= rugsteun deur die samewerking van die Wes-Europese magte met koloniale besittings in die kontinent.[28] Die koms van die Tweede Wêreldoorlog het egter hierdie planne in die wiele gery. Smuts kon dus nie daarin slaag om deur middel van ooreenkomste met die koloniale moondhede die posisie van Suid-Afrika te beveilig nie.

Die gevaar van vreemde invloede op die kontinent was een van die vernaamste redes waarom Smuts oorgegaan het tot die bevryding van Abes= sinië deur Suid-Afrikaanse troepe. Hy het dit soos volg gestel: „If you want

26) Spence. Republic under presure, p.6.

27) Blanckenberg, op.cit., p.219.

28) Ibid., p.220.

to defend this country you will have to proceed a great distance beyond it, and the question then arrises how far beyond it."[29]

Smuts se hele siening van Suid-Afrika se posisie op die vasteland was dus steeds geanker aan die land se trefbaarheid op militêre gebied. Hy kon, soos trouens ook ál sy opvolgers, nie daarin slaag om deur inisiatief van Suid-Afrikaanse kant hierdie bedreiging uit te skakel nie. Hy kon hoog= stens daarom vra dat die posisie en toekoms van Suid-Afrika in aanmerking geneem moes word in die daarstelling van die koloniale moondhede se Afri= kabeleid.

Toe die hele stelsel van kolonialisme na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog op losse skroewe begin raak het, was Smuts een van die eer= stes wat gewys het op die noodsaaklikheid van 'n heraanpassing van die kolo= niale moondhede se Afrikabeleid by veranderde omstandighede. Hy was geen voorstander vir die verandering in die administratiewe verhouding tussen die moederlande en hulle kolonies nie; so 'n stap het hy as dwaasheid gesien. Die moederlande moet uitsluitlik verantwoordelik wees vir die administrasie van hulle kolonies, en enige inmenging deur ander partye moet verhoed word. Die heraanpassing moes geskied deur die daarstelling van 'n kommissie vir die bepaling van 'n algemene beleid vir Afrika. Hierdie kommissie moet nie net uit verteenwoordigers van die moederlande bestaan nie, maar ook uit ander partye wat ekonomiese en militêre belange op die vasteland het. Die doel van hierdie plan was tweeledig: Enersyds wou hy die groot verskille tussen die koloniale beleidsrigtings uitskakel; andersyds wou hy poog om aan Suid-Afrika 'n groter aandeel in die toekomsbeplanning van die vasteland te gee.

Veral in die tydperk na die oorlog het dit duidelik geword dat die saambindende faktor tussen Suid-Afrika en die gebiede ten noorde van die Limpopo geleë is in hulle gesamentlike belange en probleme. Dit was dan

29) Debates of the Senate, 1940, col. 13.

ook veral die geval in Suidelike Afrika. Smuts het hom deurentyd beywer vir die wisseling van gedagtes en kennis tussen Suid-Afrika en sy noordelike bu= re.[30] Om dit organisatories te beliggaam, het hy gedink aan 'n samewerkings= organisasie vir Suidelike Afrika, soortgelyk aan die Pan-Amerikaanse Unie. Dit was vir hom die mikpunt wat Suid-Afrika moet nastreef in sy buitelandse verhouding tot die res van die vasteland.[31] Hy het dit soos volg gestel: „I shall use all my influence to establish closer relations because I know that the future of our trade and the prosperity of South Africa, and the de= velopment of our markets depends a great deal on the northern territories!"[32] Die gebiede ten noorde van die Limpopo het hy dus gesien as Suid-Afrika se natuurlike „hinterland". wat met die nodige samewerking van groot ekono= miese belang kon word. Tegniese samewerking sou die basis bly waarop la= tere Suid-Afrikaanse Eerste Ministers hulle beleid ten opsigte van die vas= teland sou bou.

Smuts het Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland ge= vestig op die beleid van nie-inmenging en goeie buurskap, wat volgens hom kon dien as oplossing vir baie van die probleme wat besig was om in die kon= tinent te ontstaan.[33] Hoewel Suid-Afrika die leiding geneem het in die meeste van die konferensies wat oor gemeenskaplike probleme gehandel het, het Smuts die versekering gegee dat Suid-Afrika nie strewe na 'n uitbreiding van sy belangte ten koste van sy bure nie.[34] Hy wou dus 'n helpende hand na sy bure uitsteek. Hierdie uitgangspunt sou later ontwikkel in 'n blywende kenmerk van Suid-Afrika se beleid tot die res van Afrika.

* * * * * * *

30) Debates of the House of Assembly, vol. 52, col. 3950.

31) Ibid., col. 3951.

32) Ibid.

33) Blanckenberg, op.cit., p.215.

34) Ibid., p.214.

Opsommenderwys kan Suid-Afrika se beleid ten opsigte van die res van Afrika tydens die Smuts-bewind soos volg gestel word:

i. Suid-Afrika het daarna gestrewe om die politieke balans in Afrika - soos dit voor die Tweede Wêreldoorlog bestaan het - te handhaaf.

ii. Suid-Afrika het deurgaans gestrewe om 'n belangriker rol in die beleids=bepaling van die kontinent te speel, omdat gebeure aldaar noodwendig weerklank in Suid-Afrika sou vind.

iii. Suid-Afrika het deurgaans 'n hand van vriendskap na die res van die vas=teland uitgesteek, veral na die gebiede in Suidelike Afrika, en 'n beleid van goeie buurskap teenoor hulle gevolg.

iv. Daar is gepoog om militêre verstandhoudings aan te gaan en samewer=kingsliggame in die lewe te roep om Suid-Afrika se posisie op die vaste=land te beveilig en om ongewenste invloede uit Afrika te weer.

v. Die gebiede ten noorde van die Limpopo is in 'n mate deur Suid-Afrika as sy „hinterland" gesien, wat 'n bron van voordelige ekonomiese afset kon word.

vi. Nieteenstaande al sy aktiewe pogings kon Suid-Afrika nie daarin slaag om sy invloed in Afrika so sterk te laat geld dat hy die beleid van die Wes-Europese koloniale magte daardeur kon beïnvloed nie.

## III. Suid-Afrika se verhouding tot sy buurgebiede

### 1. Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die V.V.O. - die begin van 'n internasio=nale geskilpunt

Die tydperk van Smuts se regering na die Tweede Wêreldoorlog was ook die begin van die konflik tussen die V.V.O. en Suid-Afrika oor die man=daatgebied, Suidwes-Afrika. Dit was die begin van 'n geskil wat sedert die oorlog dwarsdeur Suid-Afrika se buitelandse verhoudings loop en waarvan die einde tans nog nie in sig is nie.

Hoewel dit nie moontlik is om binne die bestek van hierdie werk 'n vol= keregtelike ontleding van die toestand te probeer gee nie, moet daar tog op die historiese verloop van die verhouding tussen Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gelet word, want daarsonder is dit onmoontlik om die gebeure sedert 1945 in volle perspektief te sien.

Die huidige Suidwes-Afrika was tot en met 1915 'n Duitse kolonie, be= kend as Duits-Suidwes-Afrika. In 1915 is dit deur Suid-Afrikaanse magte ver= ower en is die Duitse gesag oor die gebied beëindig.[35] Suid-Afrika wou, soos ook baie ander lande met hulle verowerde streke wou doen, Suidwes direk in= lyf. Die hele kwessie van inlywing het egter 'n hewige strydpunt by die Vredes= konferensie van Versailles geword en dit het met die sterkste teenkanting van die Amerikaanse president, Woodrow Wilson, te doen gekry. Dit het sulke ernstige afmetings begin aanneem dat dit wou voorkom asof die hele konferen= sie sou misluk. Uiteindelik is 'n kompromisstelsel in die lewe geroep wat bekend sou staan as die mandaatstelsel.[36]

Hiervolgens is die voormalige koloniale gebiede van die Sentrale moond= hede in drie groepe verdeel, wat bekend sou staan as A-, B- en C-mandate. In die geval van C-mandate is deur die verdrag van die Volkebond bepaal dat die mandataris hulle kon bestuur as integrale deel van sy gebied.[37]

Suidwes-Afrika is as C-mandaat aan Suid-Afrika toegeken en dienoor= eenkomstig het die Unie die mandaat sedert 17 Desember 1920 namens die Volkebond uitgeoefen.

Dit is belangrik om daarop te let dat art. 2 van die mandaat vir Suid= wes-Afrika daarop dui dat Suid-Afrika dit as integrale deel kan bestuur.[38]

35) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.498-9.

36) Verloren van Themaat. Staatsreg, p.379.

37) Ibid.

38) Unie van Suid-Afrika. Offisiële Jaarboek no. 30(1960), p.603.

Deur die loop van jare sou hy hom dan ook telkens hierop beroep in die verde= diging van sy administrasiereg oor Suidwes-Afrika. President Wilson van die V.S.A. het afgesien van sy oorspronklike besware teen direkte inlywing en die standpunt gehuldig dat die mandaat op so 'n wyse uitgevoer moet word dat Suidwes-Afrika uit vrye wil deel van die Unie moet word. Hy sou geen beswaar hê indien geslaagde administrasie tot uiteindelike vrywillige inska= keling lei nie.[39] Suid-Afrika het die mandaat steeds in die lig van hierdie omstandighede uitgevoer en Suidwes van die begin af as 'n integrale deel be= skou en geadministreer. Reeds so vroeg as 1920 het Smuts verklaar dat die wese van die verhouding tussen die twee gebiede op anneksasie neerkom en dat dit slegs nog in naam erken moet word.[40]

Oorspronklik is die taak om die mandaat uit te oefen aan die Goewer= neur-Generaal-in-rade van die Unie van Suid-Afrika opgedra. In 1921 is dit oorgedra aan 'n Administrateur wat bygestaan is deur 'n Adviserende Raad.[41] Deur die aanname van Wet 42 van 1925 is aan Suidwes-Afrika 'n eie Wetge= wende Vergadering en Uitvoerende Komitee gegee.[42] Hierdie bestuursvorm het in werking gebly tot 1949. Gedurende die jare 1934, 1943 en 1946 het die Wetgewende Vergadering van Suidwes gevra dat die mandaat oor die gebied op= gehef moet word, en dat hy direk by Suid-Afrika ingelyf moet word.[43]

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog is die Volkebond ontbind en is 'n nuwe wêreldliggaam, die V.V.O. gestig. Voor sy ontbinding is deur die Volkebond verklaar dat „kennis geneem word dat die mandaathouers sal voortgaan om die gebiede in dieselfde gees te bestuur as voorheen, totdat 'n

39) Van Rooyen, J.J. Die stryd om Suidwes I. Die Transvaler, 13 Jul.1966, p.8.

40) Ibid.

41) Verloren van Themaat, op.cit., p.380.

42) Unie van Suid-Afrika. Hersiene wette - deel V, 1925-1926. p.553-599.

43) Van Rooyen, ibid.

ander reëling tussen die Verenigde Volke en die mandaathouers getref is."[44)] Die Volkebond het dus nie die mandaatgebiede aan die V.V.O. oorgedra nie.

Dit is dan kortliks die agtergrond waarteen die geskil tussen Suid-A= frika en die V.V.O. oor Suidwes gesien moet word.

Die ontbinding van die Volkebond het 'n vraag oor die toekoms van die mandaatgebiede laat ontstaan wat opgelos is deur die daarstelling van 'n trusteeskapstelsel deur die V.V.O. Die handves van die wêreldliggaam het daarvoor voorsiening gemaak dat mandaathouers met die V.V.O. kan oor= eenkom oor hoe die mandaatgebiede onder sy toesig bestuur sal word.[45)] Hierdie strusteeskapstelsel stem baie ooreen met die mandaatstelsel van die Volkebond. Dit bepaal ook dat die mandaathouers jaarlikse verslae aan die Trusteeskapraad moet voorlê.[46)] Na die totstandkoming van die wêreld= liggaam was al die mandaathouers, behalwe Suid-Afrika, gewillig om hulle mandate by die nuwe stelsel aan te pas. Dit was die begin van die interna= sionale konflik oor Suidwes.

Die Smuts-regering het verklaar dat die posisie van die Suid-Afrikaan= se mandaat 'n besondere geval is, wat van die ander verskil in dié opsig dat Suidwes baie intiem aan die Unie verbonde is. Die Suid-Afrikaanse regering het dit as sy plig beskou om eers die inwoners van die gebied die geleentheid te gee om oor hulle eie toekoms te besluit, aangesien hulle uitsluitlik en ten diepste daardeur geraak word. Suid-Afrika het verder verklaar dat hy besig was om die gevoel van die nie-blanke inwoners oor hulle toekoms te toets en tot tyd en wyl die uitslag bekend is, sou die regering voortgaan om sy man= daat - soos onder die Volkebond - oor Suidwes uit te voer.[47)] In die hier=

44) Verloren van Themaat, op.cit., p.385-6.

45) Handves van die Verenigde Volkeorganisasie, arts. 79, 83 en 85.

46) Ibid., art. 88.

47) International Court of Justice. South West Africa cases, p.44.

opvolgende referendum het die inwoners met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van inlywing by Suid-Afrika gestem.[48)]

Gewapen met hierdie uitslag het Smuts op 4 November 1946 Suid-A= frika se versoek om inlywing van Suidwes voor die V.V.O. gelê. In sy toe= spraak het hy verwys na die geografiese, strategiese en ekonomiese verbon= denheid van Suidwes aan die Unie. Hy het gesê dat dit vir die inwoners van die gebied baie voordeliger sal wees indien hulle direk by Suid-Afrika inge= skakel sou word, en dat die hoë gehalte van administrasie die begeerte by die inwoners laat ontstaan het om deel van Suid-Afrika te word. Inlywing is slegs die afronding van 'n historiese ewolusie, aangesien dit net die formele erkenning sal wees van 'n toestand wat reeds lank bestaan.[49)] Tot groot skok en verbasing van Suid-Afrika is sy aansoek met 'n groot meerderheid verwerp. As rede hiervoor is aangevoer dat die inboorlinge van die gebied nog nie ryp genoeg is om hulle oorwoë mening oor die hele aangeleentheid uit te spreek nie.[50)]

Hierdie gebeure het die nuwe ontwikkeling in die beskouing oor mense= regte vir die eerste keer baie duidelik onder Suid-Afrika se aandag gebring. In die toekoms sou hy feitlik alleen staan in konfrontasie teen die wêreldwye idee dat alle mense die reg het om hulself te regeer, ongeag die feit of hulle daartoe in staat is of nie. Dit was die eerste werklike teken dat die wêreld= mening besig was om teen Suid-Afrika te draai en dat hy in die toekoms met al hoe groter teenkanting te doen sou kry.

In antwoord op die weiering van die V.V.O. het die Suid-Afrikaanse regering verklaar: „The Union Government reserves the position, as the

48) 208,850 van die nie-blankes het ten gunste van inlywing gestem, en 33,520 daarteen.

49) International Court of Justice, op.cit., p.45-6.

50) Resolusies van die Algemene Vergadering van die V.V.O., 14 Desember 1946. In V.V.O.-dokument A/64, p.123.

administering authority ... In the circumstances the Union Government has no alternative but to maintain the status quo and to continue to administer the territory in the spirit of the existing mandate."[51] Deur hierdie houding van die Unie het 'n skaakmattoestand tussen die V.V.O. en Suid-Afrika ont= staan wat nog steeds voortduur. In 1947 het die wêreldliggaam Suid-Afrika weer eens versoek om tot 'n ooreenkoms te geraak soos deur deur die V.V.O. voorgestaan is. 'n Uitnodiging aan die Unie om 'n verteenwoordiger te stuur om die bespreking van sy verslag van 1946 by te woon,[52] is van die hand ge= wys. Die regering het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika enige inligting oor sy administrasie van Suidwes op 'n vrywillige basis voorlê en dat hy on= der geen verpligting staan om rapporte aan die V.V.O. te verstrek nie.[53] Hierdie toestand het voortgeduur gedurende die res van Smuts se regerings= tydperk.

* * * * * * *

Opsommenderwys kan die ontstaan van die konflik tussen Suid-Afrika en die V.V.O. in die tydperk 1945-1948 soos volg gestel word:

i. Suid-Afrika het sy mandaat aan die Volkebondsverdrag ontleen en het Suidwes - op grond van hierdie verdrag - as integrale deel bestuur.

ii. Met die ontbinding van die Volkebond is daar deur die V.V.O. 'n nuwe liggaam in die lewe geroep om die beheer oor die voormalige Volkebonds= mandate oor te neem en daar is van die mandaathouers verwag om hulle gebiede onder die nuwe V.V.O.-beheer te plaas.

iii. Suid-Afrika het die inskakeling van Suidwes by die Unie as 'n blote for= maliteit beskou.

iv. Die weiering van die V.V.O. om Suid-Afrika toe te laat om Suidwes in

51) International Court of Justice, op.cit., p.48.

52) Die Smutsregering het voortgegaan om verslae oor Suid-Afrika se admi= nistrasie aan die V.V.O. voor te lê.

53) International Court of Justice, op.cit., p.52.

te lyf, moet gesien word in die lig van die na-oorlogse beskouing dat alle mense selfregerend moet wees - ongeag die vraag of hulle daartoe bevoeg is.

v. Hoewel Smuts voortgegaan het om verslae oor Suid-Afrika se administra=sie aan die V.V.O. voor te lê, het dit duidelik geword dat die gespanne verhouding spoedig tot 'n algehele breuk tussen die betrokke partye sou lei.

vi. Die hele konflik het tot 'n skaakmattoestand ontwikkel en dit sou spoedig Suid-Afrika se buitelandse politiek ingrypend raak.

2. Suid-Afrika en sy ander buurgebiede

Dit is opvallend dat daar nie veel van ware belang en diepgaande be=tekenis in die verhouding van Suid-Afrika tot sy ander onmiddellike buurlande in die onderhawige tydperk plaasgevind het nie. In die regeringstyd van Smuts is die onderhandelings oor die inlywing van die Britse Protektorate by Suid-Afrika, 'n saak wat tot en met 1939 sterk deur Hertzog aangevoor is, heelte=mal gestaak. Ook die verhouding van Suid-Afrika tot Rhodesië het weinig ont=wikkeling getoon. Dit was asof Suid-Afrika nie bewus was van die uiters be=langrike verhouding waarin hierdie land tot hom staan nie.

Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat die tydperk onder bespreking nog te ná aan die afloop van die Tweede Wêreldoor=log gestaan het. Verwarrende wêreldtoestande het dit vir Smuts en sy rege=ring feitlik onmoontlik gemaak om gebeure en verhoudinge in die suidelike deel van Afrika in die regte perspektief te sien. Suid-Afrika sou eers heelwat later ten volle bewus word van die noue band wat daar tussen die verskillende lande van Suidelike Afrika bestaan.

## IV. Samevatting

Die tydperk 1945-1948 moet gesien word as die geboorte van 'n nuwe

fase in Suid-Afrika se verhouding tot die res van die wêreld. Ten opsigte van Afrika het hierdie verandering egter nog nie onmiddellik na die oorlog ingetree nie. Dit was 'n nuwe fase, omdat Suid-Afrika hom skielik in veranderende om= standighede in 'n veranderde wêreld bevind het, waardeur 'n noodwendige her= oriëntasie van sy buitelandse beleid noodsaaklik geword het. In die nuwe om= standighede was daar nie meer sprake van isolasie nie en Suid-Afrika moes sy plek in die internasionale gemeenskap inneem en hom daarby aanpas.

Die onderhawige tydperk het nog so na aan die Tweede Wêreldoorlog en sy rewolusionêre nagevolge gelê, dat dit feitlik onmoontlik was om Suid-Afrika se buitelandse beleid sommer eensklaps in ooreenstemming met ver= anderde omstandighede te bring. Hoewel Smuts besef het dat daar 'n nuwe wêreldpatroon uit die oorlog na vore sou tree, was die riglyne daarvan nog baie moeilik bepaalbaar. Dit was veral die geval ten opsigte van Afrika.

In die lig van hierdie omstandighede het hy gestrewe na die herstel van die ou orde in die kontinent, soos dit voor die oorlog bestaan het. Hy het die toekomsheil van die Unie in die lig van die herstel van die koloniale magte se gesag gesien. Die fokuspunt van sy beleid was dus nog op Wes-Europa gerig en nie op Afrika self nie.

Smuts het verder probeer om aan Suid-Afrika groter seggenskap te gee in die bepaling van die vasteland se toekomstige ontwikkeling. Hy het be= sef dat daar 'n nuwe verband bestaan tussen die toekoms van die Unie en gebeu= re in Afrika. Daarom het hy gehoop om die koloniale moondhede se beleid te beïnvloed, aangesien dit duidelik was dat Suid-Afrika 'n veel groter rol in hier= die verband moes speel. Hy het nie daarin geslaag nie, en dit was die voor= teken dat Suid-Afrika se stem nie veel gewig in die koloniale moondhede se toekomsbeplanning van die vasteland dra nie.

In hierdie tydperk vind ons dus die uitkristallisering van 'n nuwe wê= reldtoestand, wat gedurende Smuts se bewind egter nog in 'n baie groot mate vloeibaar was. Afrika het nog in die laaste jare van sy lang rus verkeer. Daarom vind ons geen dinamiese ontwikkeling in Suid-Afrika se verhouding

tot die res van die vasteland nie. Die rusperiode van die kontinent was egter besig om verby te gaan en spoedig sou Suid-Afrika voor rewolusionêre ont=wikkelings in Afrika gestel word wat 'n heraanpassing van sy ou posisie en siening dringend noodsaaklik sou maak.

Hoofstuk 3
DIE TYDPERK 1948-1954

# I. Agtergrond

## 1. Gebeure in Afrika

Die jare 1948-1954 verteenwoordig 'n oorgangstadium in die geskie= denis van Afrika. In hierdie tydperk het ontwakende nasionalisme die voorte= kens gebring van die groot veranderings wat in Afrika aan die kom was. Om= dat Suid-Afrika se verhouding tot die res van die kontinent ten nouste met hier= die gebeure vervleg is, is dit nodig dat ons eers moet let op die politieke ver= wikkelinge binne die vasteland in die onderhawige periode.[1)]

In 1949 het die Algemene Vergadering van die V.V.O. 'n besluit ge= neem oor die toekoms van die voormalige Italiaanse kolonies. Dit was die voorloper van die veranderinge wat in Afrika sou plaasvind. Hiervolgens het Libië as onafhanklike staat ontstaan en is Eritrië en Ethihopië gefedereer. Somalië is in 'n voogdygebied omskep met die verstandhouding dat hy binne tien jaar na volle onafhanklikheid gevoer sou word. In 1952 het die Mau-Mau-opstand in Kenia uitgebreek, en hoewel dit mettertyd onderdruk is, het die Britse gesag in Kenia in 1954 'n nuwe konstitusie aan die gebied gegee waar= volgens die naturelle groot verteenwoordiging verkry het. Dit was duidelik dat die na-oorlogse „status quo" in Afrika besig was om te verbrokkel.

In die Goudkus, Nigerië, Kenia, Rhodesië en die Franse gebiede het politieke partye onder die naturelle-bevolking ontstaan. Nasionalisme is aan= geblaas deur naturelle wat in die oorlog geveg het, deur die verswakking van Wes-Europa na die oorlog, deur belangstelling en aanmoediging van die V.V.O.

1) Besonderhede hieroor is van die volgende bronne verkry:
Palmer & Perkins. International Relations, p.569-574;
Robertson. International Politics since World War II, p.172-178;
Die Afrika Instituut, Pretoria.

en deur verstedeliking, industralisasie en onderwys in die kolonies. In 1946 het Brittanje aan die Goudkus 'n nuwe grondwet gegee. In 1948 het betogings hierteen ontstaan en is dit vervang deur 'n ander grondwet wat in 1951 in wer= king getree het. Hierdeur is die Goudkus tot baie na aan onafhanklikheid ge= voer. Dit was duidelik dat volkome onafhanklikheid spoedig sou volg.

In 'n poging om opkomende nasionalisme met die bestaan van 'n sterk blanke minderheidsbevolking te versoen, is die Sentraal-Afrikaanse Federasie in 1953 deur Brittanje gestig. Dit het bestaan uit die twee Rhodesiës en Nyasa= land en moes dien as bolwerk teen nasionalisme in die noorde.

Ook in Afrika ten noorde van die Sahara het nasionalisme sy kop begin uitsteek. Egipte het in 1952 sy monargie verwerp en in Marokko, Tu= nisië en Algerië het opstande teen die Franse bewind voorgekom.

Die hele Afrika het dus in beroering gekom. In die noorde, suide, ooste en weste het nasionalisme begin opleef. Die proses van grootskeepse onafhanklikheidswording het nog nie begin nie, maar die skrif was reeds aan die muur. Afrika het begin om sy eie rol in die internasionale samelewing te speel.

Aan die ander kant het die koloniale moondhede van Wes-Europa hul= le hierdie nuwe toestand in 'n groot mate laat welgeval. Waar hulle in die eerste jare na die oorlog gepoog het om die ou orde in Afrika te herstel en voort te sit, het hulle nou begin om sonder veel weerstand aan die eise van die nasionaliste in hulle kolonies toe te gee.

Die opkoms van die Afrika-nasionalisme het rassestremming as ne= weproduk tot gevolg gehad. Dit het gewoonlik gesentreer om die verhouding tussen die nie-blanke inboorlingbevolking en die blanke koloniale bestuur of blanke nedersetters in die kontinent. Blank en nie-blank het direk teenoor mekaar te staan gekom en dit sou 'n baie belangrike invloed op Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland uitoefen.

Dit is dan kortliks die agtergrond waarteen Suid-Afrika se posisie in

Afrika in die onderhawige periode gesien moet word.

2. Die posisie in Suid-Afrika - Apartheid en die wêreldmening

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in Mei 1948 het die nuwe Suid-Afrikaanse regering hom onmiddellik in konflik met die veran=derde wêreldmening van na die Tweede Wêreldoorlog bevind.

Aan die een kant het die regering te doen gehad met 'n geskiedenis wat vir die wêreldmening op daardie tydstip uiters onaanvaarbaar was. Die Nasionale Party was naamlik vóór en tydens die Tweede Wêreldoorlog sterk teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog gekand en baie Nasionale Party=lede se simpatie het by die Duitsers gelê. In 1948 - met die oorlog nog vars in die geheue van die wêreld - het hierdie aspekte van die nuwe Suid-Afrikaan=se regering se verlede hom onmiddellik in die buitelandse oog verdag gemaak.[2)]

Aan die ander kant het die regering met die formulering en aanvaar=ding van Suid-Afrika se tradisionele beleid van rasseskeiding ook met die wêrelddenkrigting gebots. In die oë van die humanitêre na-oorlogse wêreld=mening was Suid-Afrika se apartheidsbeleid niks anders as 'n gewysigde vorm van die Nazi-teorie van rassemeerderwaardigheid nie.[3)] Hierdie val=se analogie het die regering van dr. D.F. Malan vanaf die begin in 'n uiters swak lig in die oë van die rasse-sensitiewe wereldmening geplaas.

Die Malan-regering het dus vanaf sy bewindsaanvaarding met 'n ag=terstand te doen gehad. Geen Suid-Afrikaanse regering het nog met soveel verdagmakery en openlike teenkanting sy bewind begin nie.

Omdat Suid-Afrika se rassebeleid so 'n belangrike rol sou speel in sy toekomstige verhouding tot die vasteland, is dit nodig dat ons baie kortliks hierby moet stilstaan. Deur apartheid wou die nuwe regering die voortbe=

2) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika. p.569.

3) Ibid.

staan en afsonderlike identiteit van elke ras in Suid-Afrika verseker. Blan= kes, Bantoes, Kleurlinge en Indiërs moes afsonderlik en naas mekaar tot ont= wikkeling en selfverwesenliking gebring word. Elkeen van hierdie bevolkings= groepe moes mettertyd tot nasionale bewussyn, selfrespek en vreedsame naas= bestaan gelei word.[4)] Die apartheidsbeleid was dus 'n uitbouing van die tra= disionele segregasiebeleid onder 'n ander naam, waarin die positiewe eien= skappe sterker beklemtoon is.

Daar het dus in die onderhawige periode twee strominge ontstaan oor die oplossing van Afrika se rasseprobleem. Aan die suidpunt van die vaste= land het die beskouing van afsonderlike naasbestaan van alle bevolkingsgroepe vinnig veld gewen terwyl in vrywel die hele res van die kontinent die blanke koloniale administrasies hulle begin voorberei het op 'n onttrekking uit die vasteland en die oordrag van die politieke mag aan die inboorlingbevolkings. Die verskil in hierdie twee standpunte sou 'n belangrike rol speel in Suid-A= frika se verhouding tot die res van Afrika gedurende die Malan-bewind.

## II. Suid-Afrika se Afrikabeleid gedurende die tydperk 1948-1954

### 1. Die Te Water-sending

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party het dr. Malan die portefeulje Buitelandse Sake op homself geneem. Kort hierna het hy mnr. C. te Water - voormalige Hoëkommissaris in Londen en President van die Volkebond in 1933 - as rondreisende ambassadeur van Suid-Afrika aangestel. Die doel van die sending was om 'n teenwig te probeer vorm teen die wanbe= grip wat besig was om in die buiteland oor die regering se rasse- en ander beleidsrigtings te ontstaan. Verder moes hy ook 'n skema probeer vind om die Suid-Afrikaanse posisie in die buiteland te verbeter.[5)] Hierdie stap het

4) Id. South African Parties and Policies, p.408-409.

5) Cope. South Africa, p.190.

nodig geword omdat die aanvalle teen en wanbegrippe oor Suid-Afrika so in omvang toegeneem het, dat dit skadelik begin inwerk het op die belange van die hele land. Te Water moes veral aandag skenk aan die verhouding tussen Suid-Afrika en die koloniale moondhede in Afrika.

Met sy aanstelling het hy daarop gewys dat Suid-Afrika, in die on= uitwisbare rol wat hy in die kontinent speel, nouer samewerking met elke regering en administrasie in Afrika soek en dat hy moet strewe na samewer= king in alle vraagstukke van gemeenskaplike belang binne die vasteland. Hy het dit baie sterk beklemtoon dat die tydperk van isolasie vir altyd vir Suid-Afrika verby is en dat die tyd aangebreek het om nouer samewerking met Afri= ka te soek. Hy het dit soos volg gestel: „During the passing of the years, our ancient way of life - of living within ourselves - our happy age of isolation, has gone with the bitter east winds of war ... For all in this continent are our neighbours - confronted with the same tremendous task of development, of bringing light where there was darkness, meeting the same challenge, bound by, and sharing in a single destiny."[6)]

Ons het hier te doen met 'n besliste verandering in die regering se siening van Suid-Afrika se verhouding tot die res van die kontinent. Hoewel Smuts reeds besef het dat Suid-Afrika se toekoms nou vervleg is met dié van die res van die vasteland, was dit by hom grootliks beperk tot 'n persoonlike beskouing. Gedurende sy regeringstyd is daar nie veel gedoen om hierdie feit in amptelike regeringsoptrede te beliggaam nie. Malan het vanaf die be= gin van sy premierskap begin om voelers uit te steek in 'n poging om meer duidelikheid te verkry oor die ware posisie van Suid-Afrika in die vasteland. Dit was die eerste aanduiding van regeringskant dat Suid-Afrika werklik be= gin het om kennis te neem van die nuwe strominge en verwikkelinge in Afrika. Voortaan sou hy nie meer afsydig staan teenoor gebeure ten noorde van sy grense nie. Afrika was besig om tot nasionale ontwaking te kom, en Suid-

6) The Star: 3rd May 1949, p.6, col. 5.

Afrika het begin om daarvan kennis te neem en aandag daaraan te skenk.

Te Water het die toekoms van Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika gesien in Pan-Afrikaanse samewerking,[7] waarin Suid-Afrika die leiding moes neem.[8] Met hierdie doel voor oë en om die posisie van Suid-Afrika in die buiteland te verbeter het hy met sy taak begin. Op sy omvat=tende reis het hy samesprekings gevoer met die regerings van Portugal, Frankryk, België, Italië en Brittanje.

Uit hierdie samesprekings het die volgende feite duidelik na vore gekom:

i. Die Wes-Europese lande met koloniale belange in Afrika was nie geneë om Suid-Afrika se standpunte en voorstelle oor die toekoms van die vas=teland te steun nie. Sy apartheidsbeleid was duidelik baie ongewild.

ii. Soos in die tydperk van Smuts se regering het dit duidelik geword dat Suid-Afrika, nieteenstaande sy belangrike posisie in die kontinent, nie daarin kon slaag om die beleid van die koloniale moondhede noemenswaar=dit te beïnvloed nie. In hierdie tydperk het Suid-Afrika alles in sy ver=moë gedoen om die posisie van die blankedom in Afrika te verstewig. Hierteenoor het die idee van opheffing van alle vorme van diskriminasie op grond van ras en kleur reeds diep in die regeringskringe van die ko=loniale moondhede binnegedring.

iii. Daar het 'n kloof begin ontstaan in die beskouings oor die toekoms van Afrika. Die idees vanuit die noorde (die koloniale moondhede) het nie

7) Ons moet hier onderskei tussen Pan-Afrikaanse samewerking soos deur Te Water voorgestaan en dít wat later sou ontwikkel as die Pan-Afrikaanse beweging onder die vrygeworde state van Afrika. Eintlik word Suid-Afri=ka se hele beleid tot die res van Afrika sedert die afloop van die Tweede Wêreldoorlog getipeer deur die strewe na sub-kontinentale samewerking, wat egter nie die oplossing van nasionale eenhede binne 'n kontinentale beweging beteken nie.

8) Cope, op.cit., p.191.

meer ooreengestem met die suidelike sienings nie. In hierdie toedrag van sake het Suid-Afrika die posisie van die mindere beklee.

Na sy onderhandelings het Te Water die volgende voorstelle aan Malan gedoen:[9)]

i. Suid-Afrika moet hom sover moontlik weerhou van enige betrekking by „swart-wit"-vraagstukke, aangesien dit sy posisie in Afrika sowel as in die res van die wêreld baie benadeel.

ii. Daar moet 'n indirekte benadering tot die res van die vasteland gevolg word. In alle omstandighede moet daar egter gestreef word na 'n beleid van goeie buurskap, veral tot die gebiede ten suide van die Sahara.

iii. Suid-Afrika moet in sy verhouding tot die gebiede benoorde die Limpopo veral konsentreer op ekonomiese, tegniese en kulturele aangeleenthede. Veral op tegnies-wetenskaplike gebied is die land besonder goed toegerus vir sodanige samewerking, daar hy beskik oor sulke belangrike weten=skaplike liggame soos die Instituut vir Mediese Navorsing, die W.N.N.R. en Onderstepoort.

iv. Suid-Afrika moet die voortou neem in die daarstelling van Pan-Afrikaan=se samewerking op wetenskaplike, veeartsenykundige, landboukundige en ekonomiese gebied.

v. Die diplomatieke verteenwoordiging en inligtingsdienste van Suid-Afrika moet vermeerder en uitgebrei word. Die Unie moet ook poog om in die voorgestelde Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie opgeneem te word.

Hierdie aanbevelings het 'n belangrike invloed gehad op die Suid-Afri=kaanse beleid ten opsigte van die res van Afrika in die tydperk 1948-1954. Dit was hoofsaaklik hierop dat Malan sy Afrikabeleid gebou het, en die invloed daarvan kan nog veel later - selfs in die tydperk van Verwoerd - nagespeur

9) Cope, op.cit., p.190-192.

word.

Malan het sy Afrikabeleid hoofsaaklik gerig op die daarstelling van nouer bande met die gebied ten suide van die Sahara. Die toespitsing van Suid-Afrika se aandag op hierdie deel van die kontinent was eintlik vanself=sprekend. Hy vorm in die eerste plek eers deel van hierdie geografiese be=grip en dan deel van Afrika as geheel. Die gebiede ten noorde van die woes=tyn val tradisioneel binne die invloedsgebied van Europa, met die gevolg dat Suid-Afrika nie veel hoop kon koester om hulle binne sy belangesfeer te be=trek nie. Die Sahara verdeel Afrika eintlik in twee heeltemal verskillende dele, met totaal verskillende bevolkingsamestellings, geloofsoortuigings, tegniese probleme, ens.[10] Malan het probeer om die raakpunte en proble=me van Afrika ten suide van die Sahara in nouer bande saam te snoer. Om=dat hierdie belange en probleme as raakpunte in Suid-Afrika se verhouding tot Afrika ten noorde van die Sahara ontbreek het, is die gebied nie direk by sy beleid betrek nie.

Die reeds genoemde gemeenskaplike belange en probleme het same=werking op tegnies-wetenskaplike gebied tussen die lande suid van die Sahara uiters wenslik en feitlik noodsaaklik gemaak. In 1949 is die eerste konferen=sie gehou, waarop die nodige aanvoorwerk gedoen is. Die volgende jaar is dit opgevolg deur die skepping van twee liggame, naamlik die Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika suid van die Sahara en die Wetenskaplike Raad vir Afrika suid van die Sahara.[11, 12] Die daarstelling van hierdie twee

10) Louw, E.H. The Union and the emergent states of Africa. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, vol. 10, no. 4, Jul. 1959.

11) Scholtz. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld, p.119.

12) Amptelik sou die twee liggame bekend staan as C.C.T.A. („Commission de Coopération Technique en Afrique au sud du Sahara") en C.S.A. („Conseil Scientifique pour l' Afrique au sud du Sahara").

liggame het Suid-Afrika onmiddellik die geleentheid gebied om 'n sterk rol te speel. Hierdeur is aan die Unie die eerste keer ten volle geleentheid gegee om aktief deel te neem aan die ontwikkeling van Afrika. Dit het aan hom die geleentheid gebied om sy invloed ver buite sy grense te laat geld, en dit wou voorkom of hy hierdeur sy stem sterker sou kon laat geld in die toekomsbe= planning van die vasteland. Malan het dus probeer om deur tegniese same= werking en wetenskaplike hulpverlening die leidende posisie van die Unie on= der die aandag van die Wes-Europese koloniale moondhede te bring. Hy het gehoop om hierdeur Suid-Afrika se aanspraak op medeseggenskap in Afrika-aangeleenthede te verstewig.

Malan het ook deur middel van verdedigingsamewerking probeer om nouer bande met die res van Afrika aan te knoop. Op aanbeveling van Te Water het hy met die skepping van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (N.A.V.O.) aangekondig dat Suid-Afrika op 'n uitnodiging wag om lid te word van dié organisasie. Hy sou egter vergeefs bly wag.[13] Die Suid-Afrikaan= se deelname aan die Berlynse lugbrug van 1949 en die Koreaanse Oorlog moet ook gesien word as pogings om deur militêre samewerking die Suid-Afrikaan= se bande met die Weste te verstewig. Malan wou ook hierdeur verseker dat Suid-Afrika nie op militêre gebied van sy bondgenote vervreemd sou raak nie.

Toe dit duidelik begin word het dat Suid-Afrika nie genooi sou word om lid van N.A.V.O. te word nie, het Malan begin dink aan 'n verdedigings= organisasie vir Afrika suid van die Sahara. Dit moes as aanvulling vir N.A.V.O. dien en so ver moontlik daarby ingeskakel wees. Die aanvoor= werk hiervoor is deur F.C. Erasmus as Minister van Verdediging gedoen en daar is gepoog om alle koloniale magte met belange in Afrika suid van die Sahara daarby te betrek. Vanweë baie tegniese probleme en die feit dat die Wes-Europese koloniale magte al hoe sterker daaraan begin dink het om hul= le mettertyd van hulle direkte bestuursverpligtinge in Afrika los te maak, is

13) Cope, op.cit., p.193.

die voorstelle nooit baie entoesiasties ontvang nie. Die voorlopige samespre=kings het tot 1957 voortgeduur, toe dit vanweë die nuwe state in Afrika se ongunstige verhouding tot Suid-Afrika gestaak is.[14)]

Malan het ook die aanbeveling van Te Water opgevolg dat Suid-Afrika sy buitelandse verteenwoordiging moet uitbrei. In hierdie verband is sterk gekonsentreer op die Wes-Europese koloniale moondhede. Hierdeur het hy gepoog om 'n beter beeld van Suid-Afrika - veral ten opsigte van sy belang=rike rol in Afrika - te skep.[15)]

* * * * * * *

Kernagtig kom die voorafgaande dus op die volgende neer:

i. Afrika was besig om tot nasionale ontwaking te kom en Suid-Afrika het hiervan begin kennis neem.

ii. In 'n poging om sy eie posisie te beveilig en te verstewig het die Unie probeer om 'n groter aandeel in die toekomsbeplanning van die kontinent te verkry.

iii. Hy kon egter nie daarin slaag om die beleid van die koloniale moondhede noemenswaardig te beïnvloed nie.

## 2. Malan se Afrikahandves

Dwarsdeur sy regeringstyd was Malan se beleid ten opsigte van Afri=ka gerig op die behoud en verstewiging van die blanke element en Christelike beskawing op die vasteland. Hierdie aspek het neerslag gevind in sy idee van 'n Afrikahandves.[16)]

14) Mansergh. Documents and speeches on British Commonwealth affairs, vol. II, p.1153. Sien ook Cope, op.cit., p.192.

15) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.569.

16) Scholtz, op.cit., p.123.

Reeds in die tydperk toe hy nog leier van die Opposisie was, het hy die moontlikheid van so 'n handves geopper. In 1945 het hy in die Volksraad daarop gewys dat Suid-Afrika se lot ten nouste saamhang met dié van die sta= te verder noord in Afrika, en nouer samewerking met hulle bepleit. Hierdie samewerking wou hy beliggaam in die vorm van 'n Afrikahandves. Hy het ook verklaar dat die tyd aangebreek het vir die formulering daarvan. Hier= die handves moes onder andere 'n beleidsverklaring van die moondhede met belange in Afrika wees dat die kontinent in sy ontwikkeling behou sal word vir die Wes-Europese Christelike beskawing. So 'n verklaring sou moontlik wees omdat Afrika nog aan die begin staan van sy ontwikkeling en daarom nog lank onder die voogdyskap van die blankes sal moet staan.[17)]

Opvallend van hierdie vroeë omskrywing van Malan se handves is die feit dat hy nie voldoende rekening gehou het met die veranderinge wat later in Afrika sou kon kom nie, en dan wel ook gekom het. Hy het, terwyl hy met die probleme van Afrika besig was, sy oë steeds gerig op die lande van Wes-Europa. Daarom was hy in hierdie stadium nie daartoe in staat om die ver= anderinge te voorsien wat die oorlog noodwendig op die kontinent moes hê nie. In hierdie stadium was sy siening nog beperk tot Afrika se verband met Wes-Europa, en het hy die vasteland nie afsonderlik en in sy geheel gesien nie.

In sy idee van 'n hadves het Malan ook die moontlikheid gesien om Suid-Afrika se invloed in die beleidsformulering ten opsigte van Afrika te ver= sterk. 'n Afrikahandves was vir hom 'n middel tot die versterking van Suid-Afrika se posisie in die kontinent, asook tot die verwesenliking van sy „reg" om leiding aan Wes-Europa te gee, byvoorbeeld in rassevraagstukke.[18)]

Regdeur sy bewind as eerste minister het Malan 'n Afrikahandves ge= sien as 'n middel tot die oplossing van die vasteland se probleme. Wat tydens

17) Debatte van die Volksraad, deel 52, kol. 4039.

18) Scholtz, op.cit., p.125.

sy eerste formulering in 1945 nog redelik vaag was, het hy met die loop van jare verder uitgebou, totdat hy sy handvesidee in 1954 onder die volgende hoofpunte saamgevat het:[19)]

i. Die koloniale moondhede met belange in die kontinent, die V.V.O. en ook Suid-Afrika moet saamwerk en alles in hulle vermoë doen om die kontinent teen insypeling van Afrika-vreemde etniese groepe te beskerm. Hy was veral gekant teen Asiatiese indringing, wat ook op 'n bedreiging vir Suid-Afrika gedui het. Hierdie gedagte het hy soos volg gestel: „Afrika vir die witman wat hom hier kom vestig het, maar verder ook Afrika vir die inboorlinge van Afrika."

ii. Die vasteland moet in sy soeke na 'n toekomsweg geleï word op die pad van die Europese (Westerse) beskawing.

iii. Afrika moet so ver moontlik van Kommunistiese bedrywighede gevrywaar word, want: „Kommunisme is 'n vloek vir Afrika."

iv. Die militarisasie van die vasteland moet ten alle koste voorkom word, en die kontinent moet nie toegelaat word om by oorloë van ander wêrelddele betreokke te raak nie. „As dit wel gedoen word, is hy 'n gevaar vir homself, is hy 'n gevaar vir die Weste en is hy 'n gevaar vir Suid-Afri=ka."

Teoreties het hierdie idees van Malan wel 'n oplossing gebied vir baie van die probleme waarmee Afrika te kampe gehad het en wat besig was om in die vasteland te ontwikkel. Syhele ideevan 'n Afrikahandves het egter misluk omdat dit uit pas met die tyd was. Afrika was reeds besig om tot nasionale ontwaking te kom en die koloniale moondhede het hulle begin gereed maak om aan die eise van die kontinent toe te gee. Die ou orde wat in Afrika geheers het, was reeds besig om te wankel en Malan se pogings om die proses te

19) Debatte van die Volksraad, deel 82, kol. 1421-22.

stuit, het weinig of geen sukses tot gevolg gehad nie.[20]

3. Suid-Afrika se reaksie op die opkoms van Afrikanasionalisme

Soos reeds aangetoon het die eerste tekens van opkomende nasionalis= me tydens die regeringstyd van Malan na vore gekom. Die kontinent het 'n nuwe tydperk in sy ontwikkeling binne gegaan, 'n tydperk waarin die kolonia= le gebiede op selfbestuur sou aandring en blank en nie-blank direk teenoor mekaar te staan sou bring.

Omdat hy die blanke en die Westerse beskawing as die behoudende faktore in die vasteland gesien het, was die toekenning van onafhanklikheid aan die koloniale gebiede vir Malan iets waarmee hy homself - en ook Suid-Afrika - nie kon vereenselwig nie. In die onderhawige periode sou Suid-Afri= ka se teenkanting teen die onafhanklikheidswording van die kolonies in Afrika een van die basiese kenmerke van sy verhouding tot die res van die kontinent word.

Daar kan hoofsaaklik drie redes aangevoer word waarom Suid-Afrika op hierdie tydstip alles in sy vermoë gedoen het om die onttrekking van die koloniale moondhede uit Afrika te probeer verhoed:[21]

In die eerste plek was daar die besef by Malan - soos reeds by Smuts - dat Suid-Afrika nie van die invloed van gebeure in die res van die kontinent gevrywaar kan word nie. Hy het dit soos volg gestel: „Dit is so duidelik soos die dag dat die belange van Suid-Afrika baie nou saamhang met wat hoër op in Afrika gebeur."[22] Vir hom was die toekenning van 'n grondwet aan die Goud= kus deur Brittanje 'n baie ongelukkige toestand, want daardeur het die hele kontinent in beroering gekom. In hierdie verband het hy verwys na gebeure

20) Van Heerden, W. Africa and South African Politics. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, vol. 11, no. 1. p.49.

21) Spence. Republic under presure, p.69.

22) Debatte van die Volksraad, deel 82, kol. 1419.

in Kenia en die Sentraal-Afrikaanse Federasie waar uitbarstings van Afrika-nasionalisme reeds voorgekom het.[23] Malan was oortuig dat die posisie van die blanke in Afrika in die algemeen en in Suid-Afrika in die besonder deur die toekenning van oorhaastige selfbestuur aan die koloniale gebiede in ge= vaar gestel sou word. Ter beveiliging van die blanke se posisie sou hy alles in sy vermoë doen om die koloniale gesag in die vasteland te behou en te ver= stewig.

Die tweede rede was Malan se vrees vir Asiatiese - en veral Indiese - belangstelling in Afrika.[24] Sedert sy eie onafhanklikheidswording het In= dië homself ten doel gestel om as draer van vryheid in die wêreld op te tree en het hy dan ook baie gedoen om nasionalisme in Afrika aan te wakker. Malan was bevrees dat die magsvakuum, wat deur die oorhaastige onttrek= king van die koloniale gesag sou kon ontstaan, aanleiding sou gee tot die uit= breiding van Asiatiese inmenging. Hy het Indië se belangstelling in Afrika as 'n blote soeke na afsetgebied vir sy oortollige bevolking gesien.[25] Hier= die Asiatiese belangstelling het 'n bedreiging vir die veilige voortbestaan van Suid-Afrika ingehou. Dit kon slegs uitgeskakel word indien die koloniale ge= sag onveranderd in die kontinent sou bly voortbestaan.

Derdens was Malan bevrees vir Kommunistiese indringing in Afrika. Tydens hierdie tydperk het veral Rusland na vore getree as 'n groot kamp= vegter vir die opkomende nasionalisme in Afrika.[26] Die besef van die ge= vaar wat Rusland se teenwoordigheid in die kontinent vir Suid-Afrika sou in= hou, het Malan laat soek na 'n teenhanger vir Rusiese infiltrasie in die vas= teland. Die enigste wat doeltreffend voor hande was, was die handhawing van die Wes-Europese koloniale gesag. Daarom het hy verklaar dat die strewe

23) Pienaar en Scholtz. Glo in u volk, p.81.

24) Scholtz. op.cit., p.128-130.

25) Debatte van die Volksraad, deel 82, kol. 1421.

26) Scholtz, op.cit., p.132.

na onafhanklikheid slegs een kant van die saak was; die ander sy was die doel= gerigte aanmoediging van Kommunistiese kant tot eie voordeel.[27)]

Al hierdie redes kom egter daarop neer dat Suid-Afrika se teenstand teen die oorhaastige vrywording van Afrika om selfhandhawing gegaan het.

Malan het die V.V.O. - wat vinnig besig was om in die werktuig van die humanistiese na-oorlogse denkrigtings te ontwikkel - in 'n groot mate ver= antwoordelik gehou vir die aanmoediging van oorhaastige toekenning van on= afhanklikheid aan Afrika. Van hierdie neiging het hy die volgende gesê: „Alles wat nie absolute gelykstelling is nie, of die een volk nou ryp is daar= voor of nie, is vir die V.V.O. uit die bose, en die invloed van die V.V.O. op die hele toestand in Afrika is baie duidelik."[28)]

Tot dusver is deurgaans daarop gewys dat Malan gekant was teen die oorhaastige toekenning van onafhanklikheid aan die gebiede in Afrika. Hy het die bevolkings van die kontinent nie die geleentheid misgun om hulself te re= geer nie, maar waarteen hy wel gekant was, was die feit dat hierdie gebiede nog nie daartoe in staat was om dit te doen nie.[29)]

Die Britse aankondiging dat die Goudkus mettertyd dominiumstatus sou verkry, het hom laat besef dat die ou bedeling in die Britse Statebond aan die verbygaan was. Hy het voorspel dat die hele karakter van die Statebond sal verander in vergelyking met wat dit oorspronklik was.[30)] In hierdie ver= klaring lê die kiem wat later tot die uiteindelike onttrekking van Suid-Afrika uit die Statebond sou lei.

Malan was egter oortuig dat die toekenning van selfbestuur aan die Afrika-kolonies op die lang duur nie sou kon slaag nie. Hy het dit beskou as 'n

27) Debatte van die Volksraad, deel 82, kol 1420.

28) Ibid.

29) Die Burger: 11 Augustus 1953, p.1, kol. 3 en 8.

30) Ibid., p.2, kol. 1.

onrealistiese uiting van idealisme, wat noodwendig in 'n tragedie sou eindig omdat die ware feite nie in aanmerking geneem is nie. Hy het die koloniale moondhede soos volg gewaarsku: „Dit is 'n geval waar die goeie beginsel van demokrasie, verkeerd toegepas, homself verdwaas."[31] Hierdie waarskuwing het egter op dowe ore geval en daar is voortgegaan met die voorbereiding vir die toekenning van onafhanklikheid aan die kolonies in Afrika.

Uit die voorafgaande blyk dit dat een van die grondelemente van Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika gedurende hierdie tydperk geleë was in die poging om die koloniale gesag in die kontinent te handhaaf. Suid-Afrika kon egter nie daarin slaag om die beleid van die kolo= niale moondhede te beïnvloed nie en daarom het daar geen sukses uit sy po= gings voortgespruit nie. Tog het Malan onverpoos gewerk na 'n oplossing, wat hy gesien het in die aanvaarding van sy idee van 'n Afrikahandves. Suid-Afrika sou egter vergeefs probeer om die internasionaal gesteunde golf van Afrika-nasionalisme te stuit, en mettertyd sou die dekolonisasie van Afrika, met al die gevare vir Suid-Afrika daaraan verbonde, 'n voldonge feit word.

## III. Suid-Afrika en sy buurgebiede in die tydperk 1948-1954

### 1. Die Protektorate

Die posisie van die Britse Protektorate in Suid-Afrika het sedert die totstandkoming van die Unie in 1910 'n baie belangrike rol gespeel. Sy ver= houding tot die Protektorate, en wat dit aanbetref ook tot Brittanje as moe= derland, is ongetwyfeld een van die belangrikste fasette van Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Die Suid-Afrikawet van 1909 waardeur die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, het voorsiening gemaak vir die prosedure waarvolgens die

31) Ibid., p.2, kol. 2.

drie Britse Protektorate, Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland, by die Unie ingelyf kan word. Volgens art. 151 van hierdie wet is aan die Britse koning die bevoegdheid verleen om op advies van die Geheime Raad die Brit= se Protektorate aan Suid-Afrika oor te dra, indien dit sou volg op 'n versoek van beide Huise van die Unie se Parlement.

Sedert 1909 het die regering van Suid-Afrika telkens versoeke tot Brittanje gerig waarin daar om inlywing van die gebiede aansoek gedoen is. Gedurende die jare 1913-1939 het 'n reeks vrugtelose samesprekings tussen Suid-Afrika en Brittanje oor die aangeleentheid plaasgevind. Die groot rede waarom 'n ooreenkoms nie bereik kon word nie, is geleë in die feit dat Suid-Afrika in 1909 met die aanname van die Suid-Afrikawet deur die Britse Par= lement nie die geleentheid gehad het om sy mening oor sodanige oordrag uit te spreek nie.[32] Dit was as gevolg hiervan dat samesprekings telkens mis= luk het, aangesien Brittanje, wat die gebiede bestuur het, nooit oorgegaan het tot die vasstelling van die mening van die inwoners oor die moontlikheid van inlywing by Suid-Afrika nie.

Na 'n lang reeks samesprekings tussen die twee lande oor dié vraag= stuk is dit in 1939 gestaak vanweë die Tweede Wêreldoorlog.[33] In die tyd= perk gedurende die oorlog, en in die laaste jare van Smuts se regering tot 1948, is hierdie probleem onaangeroerd gelaat. Die bewindsoorname van die Nasionale Party het egter 'n einde aan hierdie „wapenstilstand" gemaak, en Malan het hom feitlik onmiddellik begin beywer om die hele aangeleentheid van die Protektorate te probeer afhandel.

Die standpunt van Malan dat die aangeleentheid lank genoeg gesloer het, en dat dit nou tyd geword het dat dit tot 'n skikking moes kom, kan hoof= saaklik aan drie redes toegeskryf word:

32) British Central Office of information. Botswana, p.5.

33) Lord Hailey. The Republic of South Africa and the High Commission Territories, p.89.

In die eerste plek het hy die teenwoordigheid van gebiede binne die landsgrense van Suid-Afrika, beheer deur 'n buitelandse moondheid, as 'n belediging vir Suid-Afrika se soewereine status gesien. Hy het die hele toes= tand soos volg gestel: „Niemand kan Suid-Afrika dit verkwalik as hy in sulke omstandighede homself verlaag voel tot die posisie van 'n half-onafhanklike en derdeklas nasie nie."[34] Vir hom het die inlywing van die Protektorate dus aamgehang met die kwessie van Suid-Afrika se selfrespek.

Tweedens het Malan dit as 'n saak van onmoontlikheid beskou om sy verdedigingsbeleid doeltreffend deur te voer solank as wat Suid-Afrika met die teenwoordigheid van gebiede binne sy grense te doen het wat deur 'n bui= telandse moondheid beheer word.[35]

Die derde rede waarom hy die Protektorate so gou moontlik by Suid-Afrika wou inlyf, is die feit dat die belangrikste riviere van die land hoofsaak= lik in Basoetoland ontspring. Aan die een kant kon dit 'n gevaar vir Suid-Afrika word indien hy nie beheer daaroor sou hê nie. Aan die ander kant kon doeltreffende beplanning i.v.m. die gebruik van die water tot groter voordeel van die hele Suid-Afrika strek.[36]

Dit is hoofsaaklik teen hierdie agtergrond dat ons Suid-Afrika se her= nieude aandrang om inlywing van die Protektorate by Suid-Afrika moet sien.

Malan het in sy aanspraak op inlywing van die Protektorate daarop gewys dat Brittanje twee verskonings gebruik om die oordrag van die Protek= torate aan Suid-Afrika teen te staan, nl. dat hulle aan die inwoners van die gebiede die versekering gegee het dat hulle eers self oor inlywing, al dan nie, sou kon besluit, en tweedens dat oordrag nie sou plaasvind voordat die Britse

34) Debatte van die Volksraad, deel 71, kol. 4308.

35) Lord Hailey, op.cit., p.93.

36) Ibid.

Parlement ook sy goedkeuring daaraan geheg het nie.[37] Hy het egter daar= op gewys dat die goedkeuring van die Protektorate nooit vir inlywing verkry sou kon word solank as hulle oor die bedoelinge van die Unieregering mislei word nie. Hierdeur het hy die Britse regering direk aanspreeklik gehou vir die lang vertraging van die inlywing, aangesien daar nooit voorsiening gemaak is vir sodanige raadpleging in die oorspronklike bepalings van die Suid-Afrika= wet nie.[38] Hy het dus van die standpunt uitgegaan dat die Britse regering al= leen in die posisie is om die inlywing van die Protektorate by Suid-Afrika goed of af te keur.

Hy het sy stryd om die Protektorate by Suid-Afrika in te lyf, begin deur in 1949 voor die Nasionale Party van die O.V.S. te verklaar dat hy binne die bestek van 'n redelike tydperk op 'n antwoord van die Britse regering gaan aandring. Hy het gereken dat 'n amptelike Suid-Afrikaanse deputasie na Enge= land die druk op Brittanje kan vermeerder om inlywing goed te keur, want: „The people of South Africa are becoming impatient about these colonies, and are enxious for further representations to the British Government ... I will see to that."[39] Van hierdie plan het egter niks tereg gekom nie. Tydens die Premierskonferensie van die Statebond van 1949 het hy weer eens Suid-Afrika se aansprake herhaal, en daarop gewys dat aangesien die Britse Regering ge= durende die tydperk van veertig jaar nog niks gedoen het om die Protektorate aan Suid-Afrika oor te dra nie, die Suid-Afrikaanse regering genoodsaak sal wees om op eie inisiatief voort te gaan.[40] Hy was in hierdie verband van plan om 'n petisie direk aan die Britse Parlement ter goedkeuring van inlywing te rig, en sodoende die prosedure soos deur die Suid-Afrikawet voorgeskryf, te

37) Debatte van die Volksraad, deel 71, kol. 4309.

38) Ibid.

39) Keesing's Contemporary Archives, 1948-1950. p.10677.

40) Lord Hailey, op.cit., p.90.

omseil.[41] Hy het egter deurgaans die deur vir samesprekings wyd oopge= laat. Tog moet hierdie uitlating gesien word as aanduiding van hoe belangrik die hele aangeleentheid vir hom geword het.

Gedurende die besoek van mnr. Gordon-Walker, die Britse Minister van Statebondsbetrekkinge in 1951 aan Suid-Afrika, het Malan die aangeleent= heid van die Protektorate weer eens opgehaal. Hy het tydens hierdie geleent= heid daarop gewys dat Britse beheer oor die Protektorate 'n belediging vir Suid-Afrika se selfrespek is en gevra om die oordrag van die gebiede aan Suid-Afrika.[42] As amptelike antwoord het Brittanje weer eens verklaar dat die Protektorate eers self oor die aangeleentheid geraadpleeg moet word.

Toe dit duidelik begin word het dat samesprekings tussen Suid-Afrika en Brittanje nie die dooiepunt sou oorbrug nie, het Malan 'n fermer standpunt begin inneem. Hy het verklaar dat die Protektorate eventueel deur Suid-Afrika as buitelandse gebiede, wat deur 'n vreemde moondheid bestuur word, beskou kan word. Die langdurige onbuigsame houding van Brittanje kan dus tot die opheffing lei van die voorregte en voordele wat hulle van Suid-Afrika geniet. Hy het dit soos volg gestel: „We have the fullest right to treat them as foreign teritories; I do not say that as a threat, but the position cannot remain indefinitely."[43]

Nieteenstaande die erns waarmee Malan die hele aangeleentheid sedert 1948 aangepak het, het al sy pogings om die Protektorate deel van Suid-Afrika te maak op niks uitgeloop nie. Met sy aftrede in 1954 het die skaakmattoes= tand tussen Suid-Afrika en Brittanje nog steeds voortgeduur. Die toestand in 1954 het dus nog niks verskil van dié in 1910 nie.

* * * * * * *

41) Die Suid-Afrikawet van 1909 het in art. 151 bepaal dat oordrag van die Protektorate aan Suid-Afrika sal geskied deur die Britse koning, han= delende op advies van die Geheime Raad.

42) Sien ook supra, p.47.

43) Keesing's Contemporary Archives 1948-1950. p.10677.

Die vrugtelose pogings van Malan om die Britse Protektorate by Suid-Afrika in te lyf, moet gesien word as 'n voortsetting van Suid-Afrika se on=vermoë om invloed op die verloop van gebeure in Afrika uit te oefen. Die feit dat Suid-Afrika nie daarin kon slaag om gebeure binne sy eie landsgrense te beïnvloed nie, het die toestand nog sterker onder die aandag gebring. Ge=beure in Afrika was besig om in stryd met Suid-Afrika se belange te verloop, en nieteenstaande die feit dat Suid-Afrika die leidende gebied in Afrika is, moes hy toesien hoedat die beeld van Afrika besig was om te verander, son=der dat hy enige deelname aan die veranderinge gehad het.

Vir Malan moes hierdie feit as aanduiding gedien het dat sy planne vir die daarstelling van 'n Afrikahandves en die handhawing van Westerse gesag en beskawing in Afrika nie sou kon slaag nie. Suid-Afrika sou in die bepaling van sy beleid moes rekening hou met die gebeure in Afrika en besef dat hy nie die verloop daarvan op die grondslag van sy eie belange en oortuigings sou kon bepaal nie.

## 2. Die konflik oor Suidwes

Reeds met die ontstaan van die geskilpunt oor Suidwes het die Nasio=nale Party - wat toe nog die Opposisie gevorm het - duidelik laat blyk dat hy Smuts se handtering van die hele toestand as te toegeeflik beskou het.[44] Dit was dus in 1948 duidelik dat daar 'n nuwe fase in die internasionale geskilpunt aangebreek het, 'n fase waarin die V.V.O. nog minder samewerking van die kant van Suid-Afrika sou kon verwag.

Hoewel Smuts geweier het om Suidwes onder die voogdyskap van die V.V.O. te plaas, het Suid-Afrika toegestem om jaarlikse verslae oor sy ad=ministrasie van Suidwes aan die V.V.O. voor te lê. Reeds in sy opposisie=

44) Goldblatt. The mandated territory of South West Africa in relation to the United Nations, p.26.

tydperk het die Nasionale Party laat blyk dat hy teen hierdie verslae gekant was,[45] en nadat die eerste verslag van die nuwe regering deur die V.V.O. met kritiek oorval is, het Malan aangekondig dat Suid-Afrika sy verslae oor Suidwes gaan staak.[46] Hierdie optrede van Suid-Afrika het die reeds gespan= ne verhouding tussen hom en die V.V.O. nog verder vererger. Die toestand het verder versleg deurdat die V.V.O. - in stryd met die gebruike van die Volkebond - mondelinge getuienis aangehoor het. Die feit dat een van die petisionarisse, eerwaarde M. Scott, 'n uiters ongewilde persoon in Suid-Afri= ka was, het die Suid-Afrikaanse ontevredenheid versterk.[47]

Tydens die 1949-sitting van die V.V.O. is besluit om die Wêreldhof in Den Haag om 'n adviserende mening in verband met Suid-Afrika se inter= nasionale verpligtings oor Suidwes te vra.[48] In sy uitspraak wat in 1950 ge= lewer is, het die hof bevind dat Suid-Afrika nie onder enige verpligting staan om Suidwes onder beheer van die V.V.O. te plaas nie, hoewel die V.V.O. tog die toesig oor die mandaatgebiede van die Volkebond verkry het.[49] Deur hierdie uitspraak is die skaakmattoestand wat daar oor Suidwes ontstaan het, net verder versterk. Aan die een kant het Suid-Afrika geleidelik voortgegaan om die bande tussen hom en Suidwes te verstewig, aan die ander kant het die V.V.O. Suid-Afrika probeer oorreed om oor die uitspraak van die hof te on= derhandel.

Voordat die adviserende mening van die Wêreldhof bekend gemaak is, het die Suid-Afrikaanse regering 'n stap gedoen wat 'n hele nuwe bedeling in die verhouding van Suid-Afrika tot Suidwes geskep het.[50] Deur die aanname van die Wysigingswet op aangeleenthede van Suidwes-Afrika (Wet 23 van 1949)

45) Ibid.
46) Krüger, op.cit., p.34.
47) Imishue. South West Africa, p.33.
48) Krüger, op.cit., p.570.
49) International Court of Justice. South West Africa cases, p.51.
50) Verloren van Themaat. Staatsreg, p.397.

is oorgegaan tot die inlywing van Suidwes by Suid-Afrika in alles behalwe naam. Deur hierdie wet is daar voorsiening gemaak vir ses verteenwoordigers van Suidwes in die Suid-Afrikaanse Volksraad, asook vier lede in die Suid-Afri= kaanse Senaat (twee verkies en twee benoem).[51] Deur die aanname van hier= die wet het Suid-Afrika dit baie duidelik gestel dat hy nie bereid was om Suid= wes onder die voogdyskap van die V.V.O. te plaas nie en dat hy in die toekoms sal voortgaan om steeds nouer bande tussen die twee gebiede te skep. Deur hierdie stap van die Suid-Afrikaanse regering is die V.V.O. se bemoeiing nie verswak nie; inteendeel, dit sou steeds in omvang toeneem.

* * * * * * *

Die skaakmattoestand oor Suidwes het dus in die tydperk finaal sy be= slag verkry. Nie een van die twee betrokke partye was bereid om toegewings te maak nie en sodoende het die konflik oor Suidwes die tydperk van langdu= rige stryd binnegegaan waarin taktiek en teentaktiek van altwee kante mekaar gereeld afgewissel het. Suid-Afrika het hom as gevolg van die konflik oor Suidwes finaal in die brandpunt van die internasionale politiek bevind.

## 3. Suid-Afrika en die Sentraal-Afrikaanse gebiede

Dit was gedurende die regeringstyd van Malan dat Suid-Afrika opnuut bewus geraak het van sy noue verwantskap met die gebiede aan sy noordgrens. Hierdie feit moet gesien word in die lig van die vloeibaarheid van gevestigde ordes in Afrika gedurende hierdie tydperk. Die onsekere toestand wat die na-oorlogse omstandighede vir die blanke in Afrika gebring het, het die oë van Suid-Afrika opnuut na sy blanke bure in Rhodesië laat draai. Gedurende hierdie tydperk was dit egter nie 'n geval van wederkerige toenadering nie, want hoewel Rhodesië nie afkerig gestaan het teenoor nouer samewerking met Suid-Afrika nie, kon Malan tereg daarop wys dat die oë van die twee Rhode=

51) WETTE VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA, 1949. p.179-211.

siës nie na die suide gerig is nie, maar na die noorde, dit wil sê nie na Suid-Afrika nie, maar na Brittanje.[52]

Dit was op grond van die noodsaaklike nouer samewerking tussen die blankes in Afrika dat die Opposisie (die Verenigde Party) in Maart 1952 'n mosie by die Volksraad ingedien het waarin daar gevra is vir onderhande= linge tussen Suid-Afrika en die Rhodesiës met die oog op die daarstelling van 'n groter unie van state in Suidelike Afrika.[53] In sy antwoord op hier= die mosie het Malan verklaar dat nouer samewerking tussen Suid-Afrika en sy Rhodesiese bure noodsaaklik is, maar hy het daarop gewys dat daar in daardie stadium geen sprake kon wees van enige sodanige samesmelting nie. Indien die toekoms sodanige toenadering sou oplewer, sou dit van die kant van Rhodesië moes kom, aangesien die gebied reeds vantevore inskakeling by Suid-Afrika van die hand gewys het. Malan het egter sy bedenkinge oor Rhodesië se begeerte gehad om nouer met Suid-Afrika te skakel, aangesien die Sentraal-Afrikaanse gebiede hulle heil in daardie stadium in 'n Sentraal-Afrikaanse Federasie begin soek het en sterk op Brittanje aangeleun het.[54]

Afgesien hiervan het hy egter deeglik besef hoe nou die bande tussen Suid-Afrika en Rhodesië ineengevleg is. Hy was bewus van die wisselwer= king van gebeure in Suid-Afrika en die Sentraal-Afrikaanse gebiede, en hy het verklaar dat Rhodesië 'n sterk bondgenoot kon word in Suid-Afrika se pogings om die Christelike beskawing in Afrika te behou en uit te bou.[55] 'n Sterk Rhodesië aan die Unie se noordgrens het vir hom ook die voordeel in= gehou van 'n buffer teen druk uit Afrika, en as sodanig kon dit van groot waar= de en betekenis word. Aan die ander kant het hy ook die gevaar van 'n Rho= desië wat nie meer die standpunt van blanke leierskap sou handhaaf nie, in=

52) Debatte van die Volksraad, deel 77, kol. 2410.

53) Ibid., kol. 2408.

54) Ibid., kol. 2410.

55) Ibid.

gesien. In so 'n geval het hy voorspel dat die Rhodesiës die brug kan word tussen Swart nasionalisme in Afrika en die Unie, wat vir die blankes van Suid-Afrika groot gevaar kon inhou.[56] Hy het die vestiging van goeie verhoudinge tussen Suid-Afrika en die Sentraal-Afrikaanse gebiede gesien in die lig van gemeenskaplike aanvaarding van sy Afrikahandves. Vir hom kon samewer= king tussen Suid-Afrika en hierdie gebiede lei tot die stigting van sy Afrika= hadves.[57]

Die Unie se verhouding tot die Sentraal-Afrikaanse gebiede gedurende hierdie tydperk was dus gebou op die beleid van losse samewerking, in die besef dat Suid-Afrika se toekoms in Afrika ten nouste saamhang met die be= houd van die blankedom in sy onmiddellike buurgebiede. Suid-Afrika was nie bereid om nouer samewerking op staatkundige gebied met die Rhodesiese ge= biede te soek nie uit vrees dat dit na inmenging in hulle interne aangeleenthede mag lyk, terwyl die Rhodesiese gebiede nog steeds bevrees was dat hulle deur hulle sterker suidelike buurman ingesluk kon word. Hulle het hulle eie heil in die vorm van die Sentraal-Afrikaanse Federasie gesoek en in hierdie proses sterk op Brittanje gesteun.

## IV. Samevatting

Die opvallendste kenmerk van Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika gedurende die jare 1948-1954 is die feit dat gebeure in die konti= nent nog nie in die regte perspektief gesien kon word nie. Malan het nog klem gelê op die feit dat die opkomende nasionalisme die gevolg is van die koloniale moondhede se beleid, die aanmoediging deur die V.V.O. en belangstelling om eie gewin deur lande soos Rusland en Indië. In 'n sekere mate was dit wel die geval, maar dit was ook veel meer. Afrika moes een of ander tyd tot na= sionale ontwaking kom, ongeag watter beleid deur die koloniale moondhede

56) Ibid., kol. 2411-12.

57) Ibid.

gevolg is. Malan het in dié opsig tekort geskiet dat hy, toe die tekens van die tyd daar was, nie voldoende rekening gehou het met die natuurlike strewe van volke om oor hulle eie toekoms te besluit nie. Vir hom was Afrika nog 'n verlengstuk van Wes-Europese gesag en daarom het hy nog te veel aan 'n verbygegane era in die geskiedenis van die vasteland bly vaskleef.

Aan die ander kant was die beleid wat deur Malan gevolg is, heel na= tuurlik. Vir Suid-Afrika was die behoud van die koloniale gesag sinoniem met sy eie veiligheid en voortbestaan in die kontinent, terwyl Afrika-nasiona= lisme nog 'n totaal onbekende faktor was. Selfbehoud was dus die motivering vir die beleid wat Suid-Afrika in hierdie tyd gevolg het.

Die regeringstyd van Malan was 'n oorgangstadium in Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland. Die ontwaking van nasionalisme het Suid-Afrika gedwing om af te sien van sy beleid van relatiewe afsydigheid en onverskilligheid teenoor gebeure ten noorde van die Limpopo. Die toes= tande in die kontinent was egter nog uiters vloeibaar en dit kon beswaarlik van Suid-Afrika verwag word om sy beleid daarby aan te pas. Hierdie tyd= perk het egter ook reeds die voortekens ingehou van 'n nuwe era in Suid-Afri= ka se verhouding tot Afrika waarin hy sou moes ophou om homself as „Wes-Europese" staat op die vasteland te sien en sy posisie as Afrikamoondheid ten volle sou moes aanvaar.

Hoofstuk 4
DIE TYDPERK 1954-1958

## I. Agtergrond

### 1. Die vrywording van Afrika

Gedurende die regeringstyd van Malan het die eerste tekens van ont= wakende nasionalisme in Afrika ontstaan. Dit was egter nog net die voorte= kens van die komende veranderinge. Die tydperk wat in hierdie hoofstuk be= spreek word, het die begin ingelui van die omverwerping van die blanke kolo= niale gesag en die ontstaan van nuwe state op die vasteland.

Die proses het vroeg in 1956 begin met die onafhanklikheid van die Soedan. In dieselfde jaar het Tunisië en Marokko ook hulle vryheid verkry. Die nuwe tendens was nie net tot die noordelike gebiede van die kontinent be= perk nie; spoedig het dit ook deurgewerk na Afrika suid van die Sahara. In 1957 het Brittanje sy gesag uit die Goudkus onttrek en het die nuwe staat, Ghana, tot stand gekom. Die Franse gesag in Guineë is in 1958 beëindig.

In hierdie tydperk het dit duidelik begin word dat die nasionale bevry= ding in geheel Afrika sou kom. Al vrae wat nog oorgebly het, was hoe en wanneer dit sou geskied. Die tekens was egter reeds aanwesig dat dit nie 'n uitgerekte proses sou wees nie. Binne enkele jare sou die hele politieke ver= deling van Afrika verander en herskep word. Dit is vanselfsprekend dat hierdie ontwikkelings 'n groot verandering sou teweegbring in die hele ver= houding van Suid-Afrika tot die res van die vasteland. Hieroor egter later meer.

### 2. Die internasionale belangstelling in Afrika

In die onderhawige periode het daar 'n nuwe internasionale belangstel= ling in Afrika ontstaan. Na die verdeling tussen die verskillende koloniale

moondhede aan die einde van die negentiende eeu, het daar 'n tydperk in die geskiedenis van die vasteland aangebreek waarin Afrika in 'n mate buite die internasionale belangstelling geval het. In die laaste helfte van die vyftiger=jare het die kontinent weer na die brandpunt van die wêreld se belangstelling verskuif. Omdat Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland ten nouste hierdeur geraak is, is dit nodig dat ons eers kortliks hierop moet ingaan.

Die vernaamste rede vir hierdie belangstelling was die magstryd tussen die Ooste en Weste om die beheer van die wêreld.[1] Die internasio=nale omvang hiervan het dit onvermydelik gemaak dat Afrika ook in die stryd betrek moes word. Die onverbonde niemandsland waarin die kontinent ge=durende die laaste helfte van die vyftigerjare begin ontwikkel het, het hom baie aanloklik in die Oos-Wes ideologiese stryd gemaak. Die volgende aan=haling stel die toestand duidelik: „There are 150 million indigenous people in Africa of whom the overwhelming majority have reached but a low level of civilisation, and are thus particularly susceptible to political and ideolo=gical influences."[2]

Afrika is eers in die laaste helfte van die vyftigerjare in die magstryd betrek, omdat dit in hierdie tydperk duidelik begin word het dat daar 'n mags=vakuum in die kontinent sou ontstaan. Dit was 'n gevolg van die opkoms van nasionalisme in die koloniale gebiede, gepaardgaande met die aandrang om selfbestuur waaraan die koloniale moondhede begin toegee het. Dit het die ideale geleentheid vir Kommunistiese indringing in Afrika geskep, iets wat Amerika ten alle koste sou probeer verhoed. Dit was die vernaamste rede vir wat later bekend sou word as die „new scramble for Africa."[3]

1) Vir 'n vollediger uiteensetting van hierdie magstryd, sien supra p. 6-10.

2) Louw, E. The Union's Africa policy. Gepubliseer deur die Suid-Afri=kaanse Inligtingsdiens as „Fact Paper 33".

3) Crozier. The struggle for the third world. p.46-49.

Die tweede rede was die ekonomiese moontlikhede van die kontinent. Die magstryd was op hierdie stadium besig om ook na die ekonomiese ter= rein te verskuif en vir sowel die Ooste as die Weste was dit van groot belang om die beherende aandeel in die ekonomiese potensiaal van Afrika te verkry. Die vasteland is die produsent van 'n aantal basiese grondstowwe wat van groot belang in die stryd om die wêreld geword het; verder dien die afset= potensiaal van die vasteland as aanmoediging vir die geïndustrialiseerde lan= de wat vir hulle ekonomiese voortbestaan van uitvoerhandel afhanklik is.[4)]

Die geografiese ligging en strategiese waarde van Afrika speel ver= der ook 'n belangrike rol in die stryd tussen die Ooste en die Weste. Die kontinent vorm 'n strategiese sleutelgebied aangesien dit tussen die Ooste en Weste geleë is. Sy belangrikheid word verder verhoog deur die feit dat die kommunikasieroetes tussen die Ooste en die Weste, die Suezkanaal en die roete om Kaapstad, deur Afrika loop.[5)]

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die herleefde belangstelling in die laaste helfte van die vyftigerjare nie blote toeval was nie, maar dat die kontinent as gevolg van ekonomiese en strategiese oorwegings noodwen= dig die belangstelling van die strydende kampe wakker sou maak.

Die vernaamste deelnemers in die nuwe belangstelling was die V.S.A. en Rusland, terwyl die meeste van die voormalige Wes-Europese koloniale moondhede, asook Kommunistiese Sjina en in 'n mindere mate ook Indië, in hierdie belangstelling gedeel het. Dit is ondoenlik om hier in te gaan op die metodes wat bogenoemde moondhede aangewend het om hulle posisie in Afri= ka te versterk. Dit is genoeg om daarop te wys dat die stryd om Afrika hoof= saaklik gevoer word deur ekonomiese, militêre en tegniese hulpverlening[6)] asook 'n neiging by hierdie moondhede om die vrygeworde gebiede van die

4) Scholtz. Die stryd om die wêreld. p.122.

5) Cohen. Geography and politics in a world divided. p.273.

6) Arnold. Aid for development, p. 41, 79, 222-225.

vasteland ten alle koste in internasionale organisasies te steun.[7] Die her=ontwakte belangstelling in Afrika het dus veroorsaak dat die vasteland skie=lik in die brandpunt van die internasionale aangeleenthede geplaas is. Dit het ook aan die kontinent 'n baie sterk rol in die internasionale politiek ge=gee, 'n rol wat eintlik totaal buite verhouding met die werklikheid is.

### 3. Die Suid-Afrikaanse binnelandse politiek

Die binnelandse politiek van Suid-Afrika is in hierdie tyd hoofsaaklik deur twee aspekte oorheers, nl. die strewe na 'n republiek en die rassevraag=stuk. Hoewel eersgenoemde nie hier ter sake is nie, is dit tog nodig om kortliks te let op die ontwikkeling van die rassekwessie aangesien dit so nou saamhang met Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland.

Daar was veral twee belangrike ontwikkelings op hierdie gebied: Eer=stens is die vraagstuk van die politieke regte van die Kaapse Kleurlinge na 'n lang stryd uiteindelik afgehandel. Die Kleurlinge is van die blanke kiesers=lys verwyder en op 'n afsonderlike kieserslys geplaas.[8] Tweedens het die apartheidsbeleid van die regering 'n positiewer karakter begin verkry na die aanstelling van dr. H.F. Verwoerd as Minister van Naturellesake. Hy het begin werk aan 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling van alle rasse binne Suid-Afrika[9]. Hierdie beleid sou later 'n groot rol speel in die land se ver=houding tot die res van die vasteland en veral tot sy onmiddellike buurgebiede.

## II. Strydom en Louw - die begin van 'n nuwe era in Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika

Die uittrede van dr. Malan uit die Suid-Afrikaanse partypolitiek en die daaropvolgende verkiesing van mnr. J.G. Strydom as eerste minister in 1954

7) Scholtz. Die stryd om die wêreld, p.161-165.

8) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.586.

9) Ibid., p.588.

het 'n nuwe era in Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland in=gelui. In die plek van Malan se pogings om die toekennig van onafhanklikheid aan die koloniale gebiede te vertraag, het Strydom, in besef van die vrugte=loosheid van verset, met die beleid van aanvaarding van nasionalisme in Afri=ka gekom.[10)]

Met sy bewindsaanvaarding het Strydom tot 'n stap oorgegaan wat ver=reikende gevolge vir Suid-Afrika se buitelandse beleid sou hê. Hy het naam=lik die ou gebruik van die eerste minister om die portefeulje Buitelandse Sake op homself te neem, verbreek en mnr. E.H. Louw as Minister van Buitelandse Sake aangestel. Die rol wat Louw in die formulering van Suid-Afrika se bui=telandse beleid in die algemeen en ook sy beleid ten opsigte van Afrika in die besonder gespeel het, oortref selfs die belangrike rol van Te Water in die bedeling van Malan.

Met die koms van Louw het daar 'n hele ommeswaai in Suid-Afrika se benadering van sy verhouding tot die res van Afrika ontstaan. Reeds in die laaste jare van Malan se regeringstyd was Louw 'n lid van 'n groep binne die Nasionale Party wat hulle bedenkinge oor Malan se indirekte benadering tot die vasteland uitgespreek het. Louw was van mening dat Suid-Afrika sy indi=rekte houding moes vervang deur 'n direkte, meer positiewe benadering.[11)] Sedert 1954 het hy self die geleentheid gehad om hierdie denkrigting in die praktyk toe te pas.

Die Strydom-Louw-kombinasie het dus 'n positiewer benadering in Suid-Afrika se beleid ten opsigte van die res van Afrika tot gevolg gehad. In hierdie tydperk het die Unie die onafwendbaarheid van die vrywording van die vasteland begin aanvaar en begin om sy beleid hiermee in ooreenstemming te bring.

10) Van Heerden, W. Africa and South African Politics. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, vol. 11, no. 1, p.46.

11) Cope, op.cit., p.192.

## III. Suid-Afrika en die „nuwe" Afrika

„Dr. Malan never reconciled himself with the idea of independent non-white states on the African continent .. Neither did any South African poli= tical leader before him, but he was the first who had to face reality ... Today we can only gaze in bewilderment at the utter futility of his efforts to stem the tide."[12)]

Hierdie aanhaling gee 'n duidelike beeld van die verandering wat daar sedert die regeringstyd van Malan in Suid-Afrika se siening van die kontinent ontstaan het. Die snelle ontwikkeling van gebeure in Afrika het Strydom en Louw gedwing om tot 'n nuwe benadering van die Unie se verhouding tot die res van die vasteland te kom. In vergelyking met die beleid wat deur Malan gevolg is, was hulle benadering nie minder revolusionêr as die ontwikkelings in die res van Afrika nie.

### 1. Die invloed van die nuwe internasionale belangstelling in Afrika op Suid-Afrika se verhouding tot die kontinent

Suid-Afrika was vanselfsprekend bekommerd oor die toenemende be= langstelling wat Afrika in die internasionale verband gaande gemaak het, aan= gesien die gevolge hiervan noodwendig in die Unie weerklank sou vind. Die regering het die mening gehuldig dat hulp van ander lande vir die ontwikkeling van Afrika verwelkom moet word, maar dat dit dan nie moet gaan om eie ge= win of die bevordering van een of ander ideologie nie. Suid-Afrika was dus bevrees vir die invloed van vreemde denkrigtings op gevestigde ordes, aan= gesien dit nie net 'n gevaar vir die betrokke Afrikalande sou inhou nie, maar ook vir ander lande op die kontinent wat nie direk hierby betrokke is nie.[13)]

Die belangstelling in Afrika het verder 'n bedreiging vir die Suid-Afri=

12) Van Heerden, op.cit., p.49.

13) Louw, op.cit., p.6.

kaanse handel ingehou. Vir Suid-Afrika as die mees geïndustrialiseerde en vooruitstrewende land op die vasteland, vorm Afrika 'n natuurlike afsetge= bied vir sy vervaardigde goedere. Daarom het hy die kontinent as sy natuur= like „hinterland" gesien.[14] Die toenemende internasionale belangstelling sou die Suid-Afrikaanse handel om twee redes direk tref: Eerstens sou dit ver= skerpte mededinging beteken en tweedens sou die nuwe belangstellendes feit= lik nooit die geleentheid laat verbygaan om die bevolking van die nuwe state teen Suid-Afrika aan te hits nie.

Onder leiding van Louw het die Unie probeer om die vreemde invloede teen te werk. Hy het begin om die Afrika-afdeling van die Departement van Buitelandse Sake op te knap en soveel kennis moontlik van die kontinent te versamel.[15] Verder het Suid-Afrika steeds 'n hand van vriendskap aan die gebiede ten noorde van die Limpopo gereik en 'n aktiewe rol gespeel in die werksaamhede van die C.C.T.A. en die C.S.A. Die nuwe omstandighede het egter 'n heraanpassing en herwaardering van Suid-Afrika se posisie in die vasteland dringend noodsaaklik gemaak.

2. <u>Erkenning van die Afrikalande</u>

„Die een na die ander onafhanklike nie-blanke staat ontstaan in Afrika. Ons erken hierdie state as deel van Afrika. Ons moet hulle nie as ons vyande beskou nie, maar saam met ons behoort hulle te besef dat daar in Afrika plek is vir nie-blanke state en ook plek is vir blanke state."[16] Deur hierdie ver= klaring in 1955 het Strydom die nuwe era in Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika ingelui. Hy het besef dat protes teen die onafhanklikheidswor= ding van die koloniale gebiede net Suid-Afrika se verhouding met die res van

14) Ibid., p.3

15) Ibid. Sien ook Die Burger: 31 Desember 1955. p.1.

16) Debatte van die Volksraad, deel 95, kol. 7912. Ook Die Transvaler: 26 Augustus 1955. p.9, kol.3.

Afrika kan vertroebel en dat samewerking tussen Suid-Afrika en die opkomen= de swart state die nuwe riglyn in die ontwikkeling van die kontinent sou moes word.

Vanselfsprekend het hierdie nuwe benadering 'n geweldig moeilike aanpassingsprobleem vir die Unie geskep. Feitlik oornag het die blanke be= heer in Afrika begin wankel om plek te maak vir 'n verhouding van gelyke sa= mewerking tussen blank en nie-blank. Vir Suid-Afrika met sy tradisionele beleid van blanke leierskap, het hierdie nuwe aanpassing 'n feitlik ongeken= de uitdaging in sy buitelandse politiek daargestel.

Dit is dus heeltemal verstaanbaar dat Suid-Afrika ook nog gedurende hierdie stadium gepleit het vir die vertraging van die toekenning van onafhank= likheid aan die koloniale gebiede suid van die Sahara. Hulle kon dan beter op selfregering voorberei word en dit sou ook aan Suid-Afrika die geleentheid tot aanpassing by die veranderde omstandighede bied.[17)] Aan hierdie pleidooi is egter geen gehoor gegee nie.

Dit is dan in die lig hiervan dat ons die onvermoeide pogings van die Strydomregering moet sien om die blankes in Afrika nouer saam te snoer. Strydom het die toedrag van sake soos volg gestel: „Daar sal dus ... as ons staande wil bly in Afrika, ten opsigte van baie dinge die grootste moontlike verstandhouding en samewerking moet wees tussen die verskillende blanke gemeenskappe in Suidelike Afrika."[18)] Ondanks die groot verskille wat daar oor sekere aangeleenthede tussen die verskillende blanke bevolkingsgroepe op die kontinent geheers het, het die Suid-Afrikaanse regering steeds alles in sy vermoë gedoen om hulle nader na mekaar te trek.

Hierdie pogings moet egter nie as in teenstelling met Strydom se be= leid van nouer samewerking met die opkomende state van die kontinent gesien

17) Debatte van die Volksraad, deel 95, kol. 7911.

18) Ibid., deel 88, kol. 4263.

word nie - hy het dit immers baie sterk beklemtoon.[19] Dit was veel eerder 'n natuurlike uiting van die besef dat die blanke bevolking van Afrika moes saamstaan om hulle eie identiteit te behou.

3. <u>Die hand van vriendskap</u>

Net soos in die regeringstyd van Smuts en Malan het die klem van Suid-Afrika se toenadering tot die res van die vasteland ook tydens die Stry= dom-bewind steeds op wetenskaplike samewerking en die beskikbaarstelling van tegniese hulp geval. Hiervoor was hy besonder goed toegerus[20] en dit sou die basis word vir by vriendskaplike verhouding tot die lande noord van die Limpopo.

Die organisasies vir wetenskaplike en tegniese samewerking (C.C.T.A. en C.S.A.) wat reeds tydens die Malan-bewind ingestel is, het Suid-Afrika nou die geleentheid gebied om te toon dat hy werklik ernstig is met sy beleid van samewerking met die nuwe state. Hy het gehoop dat gesamentlike lid= maatskap van hierdie organisasies tot 'n beter verstandhouding en onderlinge vertroue sou lei, aangesien die wantroue van die Afrikastate een van die grootste struikelblokke was in sy pogings om nouer toenadering met die res van die kontinent te soek.[21] Louw het hierdie beleid soos volg uiteengesit: „In order to do so we will not only have to co-operate with European states which have interests and responsibilities in Africa ... but we shall also have to be prepared to co-operate in matters of common concern with all other states which have been established, and may yet be established, in Africa south of the Sahara."[22] Hy het dit ook duidelik gestel dat Suid-Afrika sy toekomsrol in Afrika as 'n roeping moet sien en daarom sy volle aandeel in

19) Ibid.

20) Louw, op.cit., p.54.

21) Van Heerden, op.cit., p.54.

22) Louw, op.cit., p.9.

die ontwikkeling van die kontinent moet uitleef.[23] Al wat hy in hierdie ver=band verwag het, was dat die lande van die vasteland die geleentheid gegun moes word om hulle probleme self op te los sonder inmenging van buite.[24] Dit was egter 'n vergeefse hoop, want ander belangstellendes in die vasteland het reeds begin om Suid-Afrika se leiersposisie in wetenskaplike en tegniese hulpverlening te ondergrawe en te vervang.

Suid-Afrika het besef dat omstandighede in die kontinent besig was om teen hom te draai. Dit sou vir hom al hoe moeiliker word om hom as blanke gemeenskap in Afrika te handhaaf en sy regmatige rol as blanke staat in die vasteland te speel. Louw het die sukses of mislukking van Suid-Afrika se po=gings in hierdie verband gesien in die suksesvolle afloop al dan nie van die volgende faktore:[25]

i. Die uitwissing van agterdog en vooroordeel teenoor Suid-Afrika se rassebeleid; iets wat vanselfsprekend 'n lang en moeilike proses sou wees.

ii. Die aanvaarding van Suid-Afrika as 'n mede-Afrikastaat deur die nu=we state van die vasteland.

iii. Die bereidwilligheid van Suid-Afrika om as leidende moondheid in Afrika sy noodsaaklike aandeel in die ontwikkeling van die kontinent te aanvaar en na te kom.

Die welslae van Suid-Afrika se hele toenaderingsbeleid sou dus afhang van die vraag of die vrye en vrywordende state 'n blanke buurman in die plek van 'n blanke heerser sou aanvaar.[26] Dit het dan ook mettertyd die bepalen=

23) Ibid.

24) Debatte van die Volksraad, deel 15, kol 7919.

25) Louw, op.cit., p.9.

26) Van Heerden, op.cit., p.51.

de faktor in die verhouding van Suid-Afrika teenoor die res van die kontinent geword.

In die onderhawige periode het dit ook begin deurskemer dat die ant= woord op die vraag of Afrika in die Koue Oorlog aan die kant van die Weste of die Kommunisme gaan staan, die deurslaggewende faktor in die verloop van die kontinent se geskiedenis sou word.[27)] Hierdie aanduiding was groot= liks verantwoordelik vir Louw se nuwe siening van Suid-Afrika se posisie in Afrika. Hy het naamlik Suid-Afrika se toekomsrol gesien as dié van 'n ska= kel tussen die Westerse moondhede aan die een kant en die bevolkings van die nuwe Afrikastate aan die ander kant.[28)]

Sy standpunt was gebaseer op die veronderstelling dat aangesien die koloniale moondhede van Wes-Europa besig was om hulle van hul kolonies in Afrika los te maak, Suid-Afrika as permanente blanke staat in die konti= nent, die skakelingsfunksie wat in die verlede deur die koloniale administra= sie self in die kolonies behartig is, kan oorneem. Hierdie skakeling kon ook uitgebrei word na die Westerse moondhede wat nie koloniale besittings in A= frika gehad het nie.[29)] Hy het verder aangetoon dat Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika sodanig moet wees dat die nuwe state ook van hulle kant die Unie as hulle skakel met die Weste sal aanvaar. Dit kon egter net moont= lik wees indien Suid-Afrika ten alle koste sy blanke en Westerse identiteit kan behou en verstewig.[30)]

Indien hierdie siening verwesenlik kon word, sou dit inderdaad 'n ge= weldige deurbraak vir Suid-Afrika se posisie in die internasionale gemeen=

27) Louw, op.cit., p.9. Sien ook die „Wind van Verandering-"toespraak van die Britse premier, mnr. H. MacMillan, soos gerapporteer in The Star van 3 Februarie 1960.

28) Louw, op.cit., p.9.

29) Ibid.

30) Ibid., p.10.

skap beteken het. Louw het egter daarop gewys dat die sukses van hierdie nuwe beleidsrigting sal afhang van die vraag of die Afrikalande groter toegeneentheid teenoor Suid-Afrika se rassebeleid sal openbaar en sal aanvaar dat dit geen aantasting van of bedreiging vir hulle integriteit inhou nie. Hy was daarvan oortuig dat 'n sodanige posisie mettertyd bereik sou word wanneer die Afrikalande bewus sou word van die groot voordeel wat nouer vriendskapsbande met Suid-Afrika vir hulle inhou.[31] Hierdie stadium is egter nog nie in die geskiedenis van Afrika bereik nie, wel hoofsaaklik as gevolg van die volgende rede: „Our internal racial situation and the policy we had to adopt in regard to it have become matters of extreme contention between us and the nationalistic movements which are triumphing over the whole continent."[32] Die rol van Suid-Afrika as skakel tussen Afrika en die Weste het dus tot nog toe 'n blote droombeeld gebly.

## 4. Diplomatieke verteenwoordiging

'n Aangeleentheid wat noodwendig uit Suid-Afrika se strewe tot nouer samewerking met die res van die kontinent moes voortspruit, was die vraagstuk van die uitruiling van diplomatieke verteenwoordigers. Aan die een kant kon hy nouliks 'n vriendskapsbeleid teenoor die nie-blanke state verkondig sonder om bereid te wees om diplomatieke personeel met hulle uit te ruil; aan die ander kant sou sodanige uitruiling heel moontlik ernstige binnelandse reperkussies hê, aangesien die diplomatieke personeel van dié lande noodwendig alle diplomatieke vryhede en voorregte sal moet geniet; iets wat probleme in verband met Suid-Afrika se tradisionele beleid van rasseskeiding sal veroorsaak. Verder sal kontak tussen die Afrika-diplomate en die nieblankes van Suid-Afrika feitlik onvermydelik wees. Dit kan 'n baie gevaarlike posisie skep, aangesien diplomate van vyandiggesinde Afrikastate Suid-

31) Spence. Republic under presure, p.74.

32) Van Heerden, op.cit., p.55.

Afrika op hierdie wyse kan ondermyn.

Hoewel hy besef het dat die afwesigheid van direkte diplomatieke ver= teenwoordiging Suid-Afrika se invloed tot 'n feitlik absolute minimum beperk, kon Strydom nie oorgaan tot die daarstelling van diplomatieke betrekkinge tussen Suid-Afrika en die vrygeworde nie-blanke state van Afrika nie. Tog het hy dit duidelik gestel dat daar tussen Suid-Afrika en die nuwe state van Afrika aanknopingspunte sou moes kom, en dat daaruit later diplomatieke be= trekkinge sou moes ontwikkel. Hy het egter daarop gewys dat dit 'n proses is wat langsamerhand moet ontwikkel en onder geen omstandighede geforseer moet word nie. Verder het hy dit ook beklemtoon dat die blanke bevolking van Suid-Afrika eers geleidelik vir sodanige toestand voorberei moes word.[33] Hierop het Eric Louw later uitgebrei deur daarop te wys dat vriendskaplike verhoudings eers van altwee kante moet kom voordat Suid-Afrika tot diploma= tieke uitruiling kan oorgaan. Hy het dit soos volg gestel: „The time will come for such representation, but a period of preparation is necessary. And it will have to be done gradually."[34]

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat nouer samewerking tus= sen Suid-Afrika en die nie-blanke state van die kontinent vir Strydom en Louw 'n saak van eerlike erns was. Dit is egter só dat die veranderinge wat oor Afrika gekom het, te vinnig was vir Suid-Afrika om sy beleid skielik daar= mee in ooreenstemming te bring. In die tydperk van Strydom moes Suid-A= frika - ongeag die eerlike erns waarmee hy die toestand benader het - dus toesien hoedat die nasies van Afrika al hoe meer die rug op hom keer.

5. Die mislukking van Suid-Afrika se vriendskapspogings

Afgesien van Suid-Afrika se pogings om op vriendskaplike voet met

33) Debatte van die Volksraad, deel 94, kol. 5400.

34) Louw, E.H. The Union and the emergent states of Africa. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, vol. 10, no. 4.

die opkomende swart state van Afrika te verkeer en sy deel by te dra tot die algemene ontwikkeling van die kontinent, het hy met 'n al hoe sterker mate van teenkanting van die nuwe Afrikastate te doen gekry. Dit moet hoofsaaklik aan drie faktore toegeskryf word:[35] In die eerste plek was Suid-Afrika se tra=disionele rassebeleid nie aanvaarbaar vir die nuwe state van Afrika nie. Hier=uit spruit dan ook die tweede rede, naamlik dat die Afrikastate steeds weier om te erken en in te sien dat daar in die kontinent plek vir sowel swart as wit state is. Die derde rede vir die swart state se antipatie teenoor Suid-Afrika is geleë in die stryd teen Suid-Afrika in die V.V.O. Indië, wat die anti-Suid-Afrikaanse veldtog begin het, het daarin geslaag om die nuwe onafhank=like Afrikalede van die wêreldorganisasie teen Suid-Afrika aan te hits en mettertyd sou hierdie antipatie tot iets ongekends in die na-oorlogse wêreld ontwikkel.

Nieteenstaande sy pogings om die bande van vriendskap tussen Suid-Afrika en die swart state van die kontinent te verstewig en om van hom 'n volwaardige deelgenoot in die ontwikkeling van Afrika te maak, moes Strydom dus toesien hoedat sy pogings die een na die ander misluk. Die tydperk van stryd teenoor Suid-Afrika het in alle erns aangebreek.

## IV. Die verhouding tussen Suid-Afrika en sy buurgebiede

„The Strydom regime was one in which South West Africa, the Protec=torates, ... and the foreign affairs generally were let aside."[36] Hoewel hierdie aanhaling miskien die toedrag van sake oordryf, gee dit tog 'n goeie beeld van die toestand wat die verhouding tussen Suid-Afrika en sy onmiddel=like buurgebiede gedurende die regeringstyd van Strydom gekenmerk het.

Aangesien die Suid-Afrikaanse siening van sy verhouding tot die res

35) Ibid., p.112.

36) Munger. Notes on the formation of South African foreign policy, p.92.

van Afrika in die algemeen deur die idees van Strydom en Louw op 'n totaal nuwe spoor geplaas is, is dit opvallend dat daar gedurende dié tydperk feit= lik 'n volkome stilstand in Suid-Afrika se verhouding tot sy onmiddellike buurgebiede gekom het.

Die rede vir hierdie toestand moet waarskynlik aan twee faktore toe= geskryf word. In die eerste plek het die kort tydperk wat Strydom aan die beheer van sake in Suid-Afrika gestaan het, beslis 'n sterk rol hierin gespeel.[37) ] Hy het in der waarheid nie veel tyd en geleentheid gehad om sy aandag spesi= fiek op die onmiddellike buurgebiede van Suid-Afrika toe te spits nie. Dit is egter so dat hy bewus was van die belangrike rol wat dié gebiede op die posi= sie van Suid-Afrika in die kontinent uitoefen, en hy het die belangrikheid van hierdie feit beslis nie uit die oog verloor nie.[38)] Tog het hy nooit oorgegaan tot die formulering van 'n nuwe beleidsrigting insake hierdie gebiede nie, en was hy blykbaar tevrede om voorlopig die „status quo" in die verhouding tus= sen Suid-Afrika en sy buurgebiede te handhaaf.

Die tweede rede wat ons kan aanvoer om hierdie eienaardige posisie te verklaar, is die feit dat Strydom gedurende sy regeringstyd hoofsaaklik op binnelandse aangeleenthede gekonsentreer het.[39)] Binnelandse aangeleenthe= de het hom in die kort tydperk van sy regeringstyd so besig gehou dat hy be= swaarlik veel positief kon doen omtrent Suid-Afrika se betrekkinge ten opsig= te van sy buurgebiede.

Wat die vraagstuk van die Britse Protektorate aanbetref, het hy wel die beleid van Malan, naamlik dat die Protektorate so gou moontlik by Suid- Afrika ingelyf moet word, onderskryf, maar hy het in teenstelling met Malan nooit die aangeleentheid in 'n strydpunt omskep nie. Dit is moontlik dat hy

37) Krüger, op.cit., p.589.

38) Debatte van die Volksraad, deel 88, kol. 3465.

39) Krüger, op.cit., p.589.

reeds begin besef het dat Suid-Afrika tevergeefs op inlywing van die gebiede aandring, 'n stand van sake wat volkome deur sy opvolger, dr. Verwoerd, aanvaar is.[40)]

Ten opsigte van die Rhodesiese gebiede was daar ook nie veel geleent= heid tot die uitbouing van 'n nuwe beleid nie. Suid-Afrika kon beswaarlik meer doen as om toe te sien dat die bestaande toestand gehandhaaf word, aan= gesien die Rhodesiese gebiede in die regeringstydperk van Strydom nog pro= beer het om die Federasie van Rhodesië en Nyassaland te laat slaag. By hul= le was daar in hierdie stadium nie die begeerte om die bande met Suid-Afrika te verstewig nie. Hulle oë was nog hoofsaaklik op Brittanje om hulp en lei= ding gerig.

In die geskil oor Suidwes-Afrika het daar in die onderhawige periode 'n skaakmattoestand geheers. In die V.V.O. het die veroordeling van Suid-Afrika se administrasie oor die gebied voortgeduur en Suid-Afrika het voort= gegaan om sy administrasiereg te verdedig. Daar het egter niks gebeur wat die stryd in 'n nuwe rigting gestuur het nie.

Hoewel die staatkundige verhouding tussen Suid-Afrika en sy buurge= biede tydens Strydom se bewind feitlik staties was, moet ons dit sien as die gevolg van die feit dat toestande vir 'n werklike deurbraak nog nie baie gun= stig was nie. Verder moet die kort tydsduur van Strydom se bewind ook in ag geneem word. Die geleentheid vir 'n deurbraak sou hom eers veel later - eintlik eers aan die einde van die Verwoerd-bewind - voordoen.

## V. Samevatting

Die belangrikste aspek van Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika gedurende die tydperk 1954-1958 is onmiskenbaar die

40) Spence, op.cit., p.90. Hierdie punt word in die volgende hoofstuk breed= voeriger behandel.

erkenning van die feit dat Afrika besig was om in 'n vrye en onafhanklike kon= tinent te ontwikkel. Suid-Afrika het gebeure in die kontinent prinsipieel in die regte lig begin sien en vertolk, hoewel daar prakties miskien te min rekening gehou is met die werklikheid. Dit het egter gelei tot 'n heeltemal nuwe siening van die Unie se verhouding tot die res van die kontinent.

Sowel Smuts as Malan het besef dat Suid-Afrika, as gevolg van sy geografiese ligging, nie losgemaak kan word van gebeure binne Afrika nie. Altwee het Suid-Afrika egter nog as 'n uitbreiding van die Wes-Europese be= skawingsgesag gesien en nie as 'n volwaardige Afrikamoondheid nie. Hulle het die toekoms nog gesien in samewerking met die koloniale moederlande. Die bewindstydperk van Strydom het egter 'n totale klemverskuiwing in hier= die verband gebring. In die onderhawige periode het die Unie sy oë van Wes-Europa begin afwend en op Afrika gerig. In die plek van die siening dat Suid-Afrika se heil in die kontinent in samewerking met die gebondenheid aan die koloniale moondhede geleë is, het die nuwe beskouing van die Unie as blanke Afrikastaat nou na vore getree.

Hierdie aanspraak om as blanke Afrikastaat as deel van die kontinent aanvaar te word, het egter in botsing gekom met die nuwe Afrika-nasionaliste wat nie bereid was om 'n blanke buurman in die plek van hulle blanke kolonia= le heersers te aanvaar nie. Dit het veroorsaak dat Suid-Afrika se pogings tot nouer samewerking vanaf die begin baie bemoeilik is; nogtans het hy voortgegaan om vriendskaplike bande met die res van die vasteland te pro= beer aanknoop.

Hoewel Suid-Afrika se beleid teenoor die vasteland in hierdie tyd op 'n nuwe spoor geplaas is, het daar geen noemenswaardige verandering in sy verhouding tot sy buurgebiede gekom nie. Dit was die gevolg van die feit dat toestande in Suidelike Afrika gedurende hierdie tydperk nog baie vloeibaar was. Dit sou eers later, toe sake begin uitkristalliseer het, moontlik wees om 'n nuwe doelgerigte beleid hieromtrent te formuleer.

In 'n groot mate was hierdie nog 'n oorgangstadium in Suid-Afrika se verhouding tot die res van die kontinent. Dit was die tydperk van oorgang tussen die Afrika wat verbygegaan het en die nuwe Afrika wat nog besig was om gebore te word.

Hoofstuk 5
DIE TYDPERK 1958-1966

# I. Agtergrond

## 1. Vry Afrika en die wêreldpolitiek

Die vrywording van Afrika suid van die Sahara, wat in 1957 met die onafhanklikheidswording van Ghana begin het, is gedurende die vroeë sesti= gerjare teen 'n geweldige tempo voltrek. Na minder as 'n dekade is dit van= dag feitlik net die Portugese gebiede in Afrika wat nog onder die gesag van 'n koloniale moondheid staan.[1] Hierdie vrywording van die vasteland het die hele patroon van die internasionale politieke toneel verander. Vanself= sprekend het dit ook 'n groot invloed gehad op Suid-Afrika se posisie binne die kontinent.

Die rol van vry Afrika in die internasionale politiek moet steeds ge= sien word teen die agtergrond van die magstryd tussen Ooste en Weste. Dit het aan die vasteland die geleentheid gebied om 'n uiters belangrike plek in die huidige internasionale bedeling in te neem. In eie krag beskik Afrika nie oor die potensiaal om enige noemenswaardige invloed op die verloop van wê= reldgebeure uit te oefen nie. Aangesien sowel die Ooste as die Weste egter meeding om die guns van die kontinent is die nuwe state in die posisie geplaas om die twee kampe teen mekaar af te speel. Sodoende slaag hulle daarin om 'n rol in die internasionale politiek te speel wat totaal buite verhouding met hulle werklike vermoëns is.

Nasionalisme in Afrika is gekenmerk deur 'n sterk gevoel van anti= patie teenoor die blanke ras. Dit is algemeen gekenmerk deur 'n aandrang op

1) Portugal beskou egter sy Afrikagebiede as buitelandse provinsies en nie as kolonies nie.

die onttrekking van alle blanke gesag uit die kontinent. Eers was hierdie veld= tog teen die Wes-Europese koloniale gesag gerig en nadat dít verdwyn het, het die aandag van die Afrikastate na die blanke sterkpunte in die suider-subkontinent verskuif. Dit was veral die bewind in Suid-Afrika met sy beleid van rasseskeiding wat die brandpunt van die veldtog teen die blanke in Afrika geword het.

Die Algemene Vergadering van die V.V.O. het aan die Afrikastate 'n ideale forum gebied om die aanvalle teen Suid-Afrika van stapel te stuur. Die feit dat die Afrikastate as gevolg van hulle getalsterkte oor 'n groot meer= derheid in die V.V.O. se Algemene Vergadering beskik, het hulle in die ge= leentheid geplaas om Suid-Afrika se interne aangeleenthede in verwikkelinge van internasionale omvang te omskep. Ondersteun deur 'n Afrika-sensitiewe wêreldmening en die internasionale mededinging om die guns van die vaste= land, het die Afrikastate daarin geslaag om Suid-Afrika in 'n baie moeilike posisie te plaas. In 'n groot mate is hy van die res van die kontinent geïso= leer, en baie van die vroeëre aanvoorwerk om Suid-Afrika se aandeel in ge= beure in die kontinent te vergroot is in hierdie proses tot niet gemaak.

## 2. Binnelandse gebeure in Suid-Afrika

In September 1958 is Strydom deur dr. H.F. Verwoerd as Suid-Afri= ka se sesde eerste minister opgevolg. Die volvoering van die proses van vry= wording in Afrika het Verwoerd voor groter uitdagings en probleme gestel as enigeen van sy voorgangers. Gedurende sy bewindstyd moes Suid-Afrika sy verhouding tot die res van die kontinent met die veranderde omstandighede in ooreenstemming bring. In hierdie proses het daar 'n nuwe lewenskragtig= heid in die verhouding ontstaan wat deur Munger soos volg gestel word: „The shift to Prime Minister Verwoerd brought a far more realistic appraisal to the foreign scene."[2] Hierdie nuwe ontwikkeling was egter in 'n groot mate

2) Munger. Notes on the formation of South African foreign policy, p.93.

die gevolg van verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse binnelandse politiek in die onderhawige periode.

Die republiekwording van Suid-Afrika in 1961 en die daarmee gepaard=gaande uittrede uit die Britse Statebond het in 'n belangrike opsig 'n nuwe be=slag gegee aan sy verhouding tot die res van Afrika. Hoewel dit oënskynlik nie die verhouding direk beïnvloed het nie, was dit die finale verbreking van Suid-Afrika se illusie dat hy nog op Britse steun kon reken in die nuwe bede=ling waarin hy tot die res van die kontinent gestaan het. Hierdeur is die ou verbintenis van Suid-Afrika met die lande van Wes-Europa in Afrika finaal verbreek. Dit het hom die eerste keer totaal alleen en geïsoleerd gelaat in 'n vyandiggesinde vasteland. Dit was egter ook die impuls tot 'n nuwe doel=gerigte poging om aan Suid-Afrika sy volwaardige plek in Afrika te gee. Uit sy afsondering het Suid-Afrika se strewe tot nouer samewerking en wedersyd=se erkenning in die vasteland sterker as in die verlede na vore getree.

Die posisie van Suid-Afrika is nog verder bemoeilik deur die onrus onder sy nie-blanke bevoling in 1960, wat sy toppunt bereik het in die Sharp=ville-onlus.[3)] Dit het die wêreldmening sterk teen Suid-Afrika laat stelling inneem en sy isolasie in Afrika feitlik volkome gemaak. Buitelandse en bin=nelandse gebeure het Suid-Afrika in hierdie tyd in 'n toestand van afsondering geplaas. Uit hierdie laagtepunt moes hy van nuuts af begin bou aan sy ver=houding tot die res van Afrika.

In hierdie tyd het daar egter ook 'n baie positiewe aspek in Suid-Afrika se binnelandse beleid na vore getree. Uit die ou, soms negatiewe, apart=heidsbeleid het Verwoerd se meer positiewe beleid van afsonderlike ontwik=keling vir alle rassegroepe in Suid-Afrika gegroei. Hiervolgens is voorsie=ning gemaak vir die toekenning van selfbestuur aan die verskillende bevol=kingsgroepe in die land. Hierdie nuwe ontwikkeling was belangrik in dié op=

3) Krüger. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.591.

sig dat dit die Suid-Afrikaanse binnelandse beleid met die beleid van deko= lonisasie en die ontstaan van vrye Afrikastate versoen het. Die rede vir die Suid-Afrikaanse teenkanting teen hierdie ontwikkelings tydens die bewind van die vorige eerste ministers, het dus nou verdwyn. Suid-Afrika het inderdaad die beginsel van die dekolonisasiebeleid oorgeneem. Die toepassing daarvan het egter in belangrike opsigte van dié van die Wes-Europese koloniale moond= hede verskil. Suid-Afrika se beleid was gerig op geleidelike ontvoogding en nie oorhaastige onttrekking nie.

* * * * * * *

Die verhouding van Suid-Afrika tot die res van Afrika tydens die Ver= word-bewind is dus enersyds bemoeilik deur feitlik totale afsondering van die res van die vasteland, gepaardgaande met 'n sterk antipatie van die nuwe sta= te. Andersyds is die fondament vir 'n nuwe positiewe verhouding gelê deur Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling. Dit is die agtergrond waarteen ons gebeure gedurende die tydperk 1958-1966 moet sien.

## II. Suid-Afrika se verhouding tot vry Afrika

Soos reeds gestel het die finale vrywording van Afrika Suid-Afrika in 'n nuwe posisie in sy verhouding ten opsigte van die res van die vasteland geplaas. Die verdwyning van die koloniale orde het nuwe probleme geskep wat Suid-Afrika se beleid ten diepste sou beïnvloed. Dit is dus nodig dat ons hier= op breedvoeriger moet ingaan.

### 1. Die blanke se posisie in Afrika

Een van die vernaamste kenmerke van die eerste jare van die Ver= woerd-bewind was die pogings ter beveiliging van die blanke se posisie in Afrika. Die voortbestaan van die blanke gemeenskappe in die kontinent is in gevaar gestel deur die sterk anti-blanke gevoel wat die Afrikanasionalisme gekenmerk het. Dit het ook mettertyd duidelik begin word dat die Wes-Euro=

pese koloniale moondhede heeltemal bereid was om die blankes van Afrika in die steek te laat in 'n poging om die vriendskap van die nuwe Afrikastate te wen. Dit het Suid-Afrika onder die besef gebring van sy verbintenis aan die blankes ten noorde van die Limpopo. Dit het ook die feit beklemtoon dat sy veiligheid en voortbestaan saamhang met die lot van hierdie gemeenskappe.

Die posisie van die blanke in Afrika het overbiddelik onder Suid-Afri= ka se aandag gekom tydens die besoek van die Britse premier, mnr. H. Mac= Millan in 1960 aan Suid-Afrika. In sy „wind van verandering"-toespraak[4] in Kaapstad het hy die klaarblyklike boodskap van die tyd gebring: die posisie van die blanke in Afrika dra nie genoeg gewig om 'n bepalende faktor in die verhouding tussen die Wes-Europese koloniale moondhede en die „nuwe" Afri= ka te word nie. Die koloniale moondhede was besig om so vinnig moontlik aan die eise van Afrika-nasionalisme te voldoen uit vrees dat die vasteland anders vir die Westerse kamp verlore sal gaan. Die hele posisie word duidelik deur die volgende aanhaling onderstreep: „Die witman in hierdie kontinent staan in hierdie sake vriendeloos, in Algerië, net soseer as Rhodesië. Sy rasgenote in Europa draai hul rug na hom, waar hulle hom nie aktief onderwerp aan hul= le strewe na vriendskap met die nie-blanke nasionalisme nie."[5]

Die amptelike Suid-Afrikaanse reaksie teenoor die abdikasie van die koloniale moondhede was nie minder skerp nie. Verwoerd het die oorhaas= tige toekenning van onafhanklikheid aan die Afrikastate en die feit dat die ko= loniale moondhede besig was om die blanke in Afrika in die steek te laat, be= stempel as 'n „psigose".[6] Hy het daarop gewys dat die blanke nie somaar opsy geskuif kan word omdat die wêreldmening dit vereis nie.[7] Hy het die

4) Die Burger: 4 Februarie 1960. p.9, kol 1-5. Sien ook The Star: 3 Februarie 1960. p.1, kol. 4.

5) Die Burger (hoofartikel): 5 Februarie 1960. p.8.

6) Pelzer. Verwoerd aan die woord, p.339.

7) Ibid.

Westerse moondhede gewaarsku dat hulle pogings om die guns van Afrika te verower deur die blankes van die kontinent op te offer, op die lang duur nie die verwagte vrugte sou afwerp nie, en soos volg voortgegaan:

> „Ek wil graag hê dat Brittanje, die Verenigde State en ook ander Wes= terse nasies tog daaraan moet dink, en weer moet dink, dat hulle die enigste stabiele vriend wat hulle het, naamlik die blankedom in Afrika, verloor as hy deur die swart massas van Afrika opgesluk word, en daarvoor sal hulle nie beloon word met wat hulle hoop om alles te ver= kry nie, naamlik die dankbaarheid, die bondgenootskap en ekonomiese bevoorregting van al die Afrikastate."[8)]

Hierdie standpunt van Verwoerd het die kloof in die beskouing tussen die blanke binne Afrika en die blanke buite die kontinent baie duidelik na vore gebring.[9)] Vir die blanke buite Afrika was die bepalende faktor die vraag waar die nie-blanke miljoene van Afrika sal staan indien daar 'n direkte bot= sing tussen Ooste en Weste sou ontstaan. In 'n poging om die steun van Afri= ka te wen het die blankes buite die kontinent so vinnig moontlik onafhanklik= heid aan die nie-blanke state toegeken. Teenooor hierdie beleid het die blan= kes binne die vasteland feitlik magteloos gestaan, omdat hulle „nie oor die wapen beskik waarmee die ‚onverbonde' volke die Weste dwing om hoog te bie vir hulle vriendskap en steun nie."[10)]

Die Suid-Afrikaanse reaksie teen die finale onttrekking van die kolonia= le moondhede uit Afrika het saamgehang met die besef dat die gevoel van vei= ligheid wat hulle teenwoordigheid in die kontinent vir hom ingehou het, ver= bygegaan het. Die illusie van veiligheid wat deur die koloniale raamwerk ge= skep is, was in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat Suid-Afrika so lank relatief afsydig kon staan teenoor gebeure in Afrika. In die onderhawige pe= riode is hy egter voor die voldonge feit geplaas dat hy alleen op homself aan=

8) Ibid.

9) Die Transvaler (hoofartikel): 11 Maart 1960. p.8, kol.5.

10) Die Burger (hoofartikel) 10 Februarie 1960. p.10, kol.5.

gewese sou wees vir sy toekomstige heil en voortbestaan in die vasteland. Die reaksie teen die verdwyning van die blanke gesag uit Afrika moet dus nie gesien word as 'n teenkanting teen die onafhanklikheidswording van Afrika nie. Op hierdie stadium was dit immers reeds duidelik dat die proses nie meer ge= stuit kon word nie. Daarby het dit ook reeds in ooreenstemming gekom met Suid-Afrika se beleid van selfbeskikking aan die verskillende nie-blanke be= volkingsgroepe binne sy eie grense. Veel eerder was dit 'n vertraagde reaksie teen die besef dat daar geen blanke gesag meer in Afrika bestaan wat as buf= fer én skakel tussen hom en die res van die vasteland kon dien nie.

Suid-Afrika se standpunt ten opsigte van die onttrekking van die blanke gesag uit die vasteland was egter nie beperk tot negatiewe kritiek nie. Ver= woerd het ook probeer om positiewe riglyne daar te stel vir die nuwe verhou= ding tussen blank en nie-blank wat uit die veranderde omstandighede sou voort= vloei. Hy het die moontlike oplossing vir die probleem gesien in die lig van Suid-Afrika se tradisionele beleid van rasseskeiding, en dit soos volg gestel: „Ons stel voor geen vermenging êrens nie - nie op politieke terrein vermenging nie, nog op enige ander lewensterrein verdwyning van die blanke in die swart massas nie ... 'n Permanente naasbestaan moet die mikpunt wees."[11] Hy het voortgegaan deur te stel dat indien dit gepas is, daar blanke state geskep moet word soos die geval met Suid-Afrika, sodat dit kan dien as stabiliseren= de invloed vir die geleidelike ontwikkeling van die nie-blanke state aan sy grense.[12] Die beeld wat hy vir Afrika in hierdie verband in die vooruitsig gestel het, kan kortliks in drie hoofpunte saamgevat word:[13]

i. Die noodwendige aanvaarding van die feit dat daar swart state in Afrika moet kom, maar met erkenning van die bestaansreg van blanke state

11) Pelzer, op.cit., p.343.

12) Ibid.

13) Ibid.

soos in Suid-Afrika.

ii. Die politieke selfstandigwording van Afrika moet geleidelik, volgens die pas waartoe hy in staat is, plaasvind. Die blanke van Afrika moet hierdie politieke ontwikkeling lei totdat die inboorlinge bekwaam is vir die nuwe bedeling.

iii. As die stadium in die ontwikkeling van die nuwe state bereik is dat hulle selfstandig langs die blanke state van Afrika kan bestaan, is die skepping van die nodige toepaslike bande tussen die state noodsaaklik. Op staatkundige gebied kan dit lei tot die daarstelling van 'n statebonds= verdrag tussen blanke en nie-blanke state, en deur ekonomiese bande kan permanente gemeenskaplike belange na vore tree. Sodanige bande hang egter ten nouste saam met die voorvereiste dat die nie-blanke state geleidelik selfstandig moet word namate hulle daarvoor ryp word.

Hieruit word dus duidelik dat die toekomssiening van Verwoerd aan= gaande die verhouding tussen blank en nie-blank in Afrika eintlik 'n afskadu= wing is van wat hy in die verhouding tussen blank en nie-blank binne Suid-Afrika beoog het en besig was om deur te voer. Die oplossing van Afrika se rasseprobleme het hy gesien in die lig van Suid-Afrika se interne beleid as model, waardeur blank en nie-blank langs mekaar tot volle ontwikkeling kan kom.

Hierdie beleidsrigting van Verwoerd het egter geen invloed op die ver= loop van gebeure in Afrika gehad nie. Dit was vir sowel die opkomende na= sionalisme in Afrika as die onttrekkende Wes-Europese koloniale gesag on= aanvaarbaar. Die feit dat die meeste van die blanke gemeenskappe ten noorde van die Limpopo in hierdie proses opgeoffer is, het uit die aard van die saak Suid-Afrika se posisie in die kontinent aansienlik verswak.

## 2. Suid-Afrika se posisie in en verhouding tot die „nuwe" Afrika

„Ons is die skakel. Ons is wit, maar ons is in Afrika. Ons het ver=

bindings met Afrika en die Weste en dit lê op ons 'n besondere plig en ons besef dit."[14] Deur hierdie woorde - die gedagte is ook vroeër deur Louw uit= gespreek[15] - het Verwoerd sy siening van Suid-Afrika se posisie binne die veranderde Afrika geskets. Suid-Afrika word dus deur sy besondere posisie as 'n blanke staat binne 'n nie-blanke kontinent in staat gestel om hulp aan beide die Weste en Afrika te verleen.

Hierdie standpunt kom miskien baie optimisties voor, veral as ons daarop let dat nóg Afrika nóg die Weste bereid is om Suid-Afrika in hierdie posisie te sien. Dit was egter 'n toekomsblik, en die tyd mag wel aanbreek wanneer Suid-Afrika 'n groot rol deur hierdie skakelingsfunksie in die ver= loop van aangeleenthede in Afrika kan speel. Verwoerd se siening van Suid-Afrika se rol in die kontinent het egter ook met die hede rekening gehou. Hy het besef dat Suid-Afrika ook 'n taak het in 'n vasteland wat sy rug op hom ge= keer het. Dit het hy gesien as dienslewering.[16]

Hy het dan ook gewaarsku dat Suid-Afrika homself nie as leier van die kontinent moet sien omdat hy die verste ontwikkel is nie. Dit sou 'n misken= ning wees van die nuwe state se reg om op eie bene te staan. As Suid-Afrika as leier van Afrika wil optree, sal dit 'n poging wees om die vasteland te onderwerp - „indien nie fisies nie, dan na sy gees."[17] Hierdie verklaring dui duidelik daarop dat Suid-Afrika besig was om hom te ontworstel aan sy assosiasie met die kolonialisme en imperialisme in Afrika.

Verwoerd se siening van Suid-Afrika se rol in die kontinent kan dus saamgevat word as „leierskap deur diens". Die land moet steeds bereid wees om die hand van vriendskap en hulpverlening aan Afrika te bied. Sy groter kennis en ondervinding durf hy nie vir homself hou nie. Hy moet dit ter be=

14) Pelzer, op.cit., p.319.

15) Sien supra, p.

16) Pelzer, op.cit., p.568.

17) Ibid.

skikking stel van die swakker state. „Ons moet soveel hê om te gee dat an= der dit graag van ons sal ontvang - selfs daardie state wat op die oomblik nie graag van ons hulp wil hê nie."[18)]

Hy het egter besef dat die verhouding tussen Suid-Afrika en die nuwe state nog sodanig is dat daar nie veel van hierdie aanbod tereg sou kom nie. Hy het egter daarop gewys dat Suid-Afrika nie daarom sy rug op Afrika mag draai nie. Hulp kan wel nie afgedwing word nie, maar totdat die nuwe state bereid is om Suid-Afrika se vriendskap te aanvaar, moet daar geduldig ge= wag word. Hy het dit soos volg gestel: „Ons moet bereid bly om hulp te ver= leen sodra hulle 'n ander houding inneem. As hulle bereid is om ons hulp te ontvang, sal ons derhalwe nog daar wees om saam te werk of om hulle hulp te verleen, tegnies of andersins."[19)]

Hierdie hulpverlening het hy egter nie ongekwalifiseerd gelaat nie. Hy het daarop gewys dat Suid-Afrika in ruil vir sy vriendskap en hulp ten minste goeie gesindheid kan verwag. Suid-Afrika sal ter eniger tyd hulp verleen „sodra die state van Afrika die vyandige gesindheid laat vaar wat hulle tans in die praktyk aan die dag lê, sowel as hulle pogings om hulle te bemoei met ons huishoudelike sake."[20)]

Hoewel die geleentheid hom nie sterk voorgedoen het om hierdie beleid in die praktyk uit te leef nie, het Suid-Afrika tog die geleentheid aangegryp om sy eerlike bedoelings te bewys toe die geleentheid daar was. In 1964 het die Kongolese regering gevra om Suid-Afrikaanse mediese voorrade in sy stryd teen Kommunistiese indringing. Dit is dan ook onmiddellik verskaf.[21)] Dit was wel nog geen groot deurbraak vir Suid-Afrika nie; veel eerder was dit 'n geïsoleerde geval. Dit was egter 'n vingerwysing na die ontwikkeling wat later

18) Ibid., p.569.

19) Debatte van die Volksraad, deel 3, kol. 3911.

20) Ibid.

21) South African Digest: 28 Augustus 1964. p. 1 en 12.

in Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika sou kom.

* * * * * * *

Verwoerd het in sy formulering van Suid-Afrika se beleid teenoor die res van Afrika nie veel afgewyk van die beleid van sy voorgangers nie. Hy het wel die voordeel ondervind dat daar in sy regeringstyd 'n duideliker patroon in die gebeure in Afrika ontstaan het. Hierdie ontwikkeling was egter ongun= stig vir Suid-Afrika, met die gevolg dat hy moeilik met enige deurbraak na vore kon kom.

Sy pogings om die koloniale moondhede van Wes-Europa van die be= langrikheid van die handhawing van die blanke gemeenskappe in Afrika te oor= tuig het misluk en Suid-Afrika moes toesien hoedat die grense van Swart Afrika al hoe nader aan die Limpopo skuif.

Net soos sy voorgangers het hy die feitlik tradisioneel geworde Suid-Afrikaanse beleid van hulpaanbieding aan die res van die vasteland bly hand= haaf. Hoewel hierdie aanbod - soos in die verlede - nie op veel uitgeloop het nie, kan dit nog die ommekeer bring in die antipatie van Swart Afrika teenoor Suid-Afrika - iets wat teen die einde van sy bewind reeds na vore begin tree het in 'n veranderende verhouding van Suid-Afrika tot sy buurgebiede.

## III. Suid-Afrika en sy onmiddellike buurgebiede

Soos reeds aangetoon is staatkundige toenadering nie 'n eensydige pro= ses nie; dit kan net slaag indien altwee betrokke partye daartoe bereid is. Die vernaamste rede vir die mislukking van Suid-Afrika se toenaderingsbeleid tot die nuwe state van Afrika is dan juis daarin geleë dat dit tot nog toe eensy= dig was, met ander woorde, die begeerte tot nouer samewerking het net van die Suid-Afrikaanse kant gekom.

Hoewel daar nie 'n groot verandering in Suid-Afrika se beleid ten op= sigte van Afrika in die algemeen in die Verwoerd-bewindstydperk plaasgevind

het nie, het daar tog 'n radikale verandering gekom in sy verhouding tot sy onmiddellike buurgebiede. Hierdie is beslis die grootste ommeswaai wat daar sedert die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika se Afrikabetrekkinge gekom het.

Die historiese verhouding tussen Suid-Afrika en die voormalige Britse Protektorate, asook tussen Suid-Afrika en Rhodesië, was nie gerig op nouer skakeling nie. Hoewel die begeerte van Suid-Afrikaanse kant wel aanwesig was, en hoewel daar noodwendig in 'n sekere mate skakeling moes plaasvind, was daar 'n gedurige strewe van Rhodesië en die Protektorate om hulle heil los van Suid-Afrika te soek. Hulle was bevrees dat té noue skakeling met hulle sterker buurman mettertyd tot hulle verdwyning as aparte staatkundige entiteite sou lei.

Hierdie relatief losse verhouding tussen hierdie state is hoofsaaklik moontlik gemaak deur die sterk historiese bande met Brittanje. Die invloed van Brittanje in Rhodesië en die Protektorate het deur die loop van dekades baie sterk geword en dit is verstaanbaar dat hulle hul toekomsheil in samewer= king met Engeland, en nie met Suid-Afrika gesoek het nie.

Gedurende die Verwoerd-bewindstyd het daar egter 'n groot verandering in hierdie toedrag van sake gekom. Die onttrekking van die Britse gesag uit Betsjoeanaland en Basoetoland, en die geskil wat tussen Brittanje en Rhodesië oor laasgenoemde se eensydige onafhanklikheidsverklaring ontstaan het, het dit onafwendbaar gemaak dat sy buurgebiede nouer toenadering met Suid-Afri= ka op staatkundige gebied begin soek het.

Daar het dus 'n inisiatiefverskuiwing in die staatkundige toenadering tussen Suid-Afrika en sy buurgebiede ontstaan. Waar dit eers Suid-Afrika was wat toenadering gesoek het, het die inisiatief nou oorgegaan in die hande van sy buurgebiede wat deur omstandighede gedwing is om hulle toekoms in nouer samewerking met Suid-Afrika uit te werk. Dit is duidelik dat hierdie toenadering die begin is van 'n baie belangrike fase in Suid-Afrika se staat= kundige verhouding tot Afrika. Hierdeur kan die hele patroon van die verhou=

ding soos dit sedert die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, totaal verander word.

1. Suid-Afrika en die Protektorate

Die tydperk van betreklike stilte wat daar gedurende die bewind van Strydom oor Suid-Afrika se verhouding tot die Britse protektorate binne sy landsgrense geheers het, is kort na sy bewindsaanvaarding in 1958 deur Ver= woerd verbreek toe hy daarop gewys het dat die belange en toekoms van die Britse Protektorate in die skoot van Suid-Afrika lê, en nie in dié van Brittan= je nie.[22] Deur hierdie verklaring het hy dit duidelik laat deurskemer dat die laaste woorde oor die verhouding tussen Suid-Afrika en die Protektorate nog nie gesê is nie.

Die verandering wat daar gedurende hierdie tydperk in die verhouding tussen Suid-Afrika en die Protektorate ontstaan het, was egter nie hoofsaak= lik aan Suid-Afrikaanse inisiatief te danke nie. Die verandering wat daar in die verhouding tussen Brittanje en die Protektorate gekom het, het 'n nuwe rigting aan die verhouding tussen Suid-Afrika en dié gebiede gegee.

Die feit dat Brittanje bereid was om volkome onafhanklikheid aan die Protektorate te verleen, het dit feitlik noodwendig gemaak dat die gebiede nouer toenadering tot Suid-Afrika moes begin soek. Dit het duidelik geword dat hulle na die onttrekking van die Britse gesag nie daartoe in staat sou wees om óf gesamentlik óf alleen te bestaan sonder hulp van buite nie. Hulle af= hanklikheid van Suid-Afrika se hulp het skielik baie sterk na vore getree. Die ou bedeling waarin die Protektorate hulle heil in samewerking met Brittanje gesoek het, was besig om vir altyd verby te gaan. Daar het 'n nuwe era in die verhouding tussen Suid-Afrika en hierdie gebiede ontstaan.

Hierdie verandering is ook toe te skryf aan die feit dat hulle onafhank=

22) Pelzer, op.cit., p.185. Sien ook Die Transvaler: 14 November 1958. p.8, kol.6.

likheid in ooreenstemming gekom het met Suid-Afrika se eie beleid van die skepping van onafhanklike Bantoestate binne sy landsgrense. Die dryfveer tot inkorporasie - soos dit in die Malan-bewind bestaan het - het dus verdwyn en die onafhanklikheidswording van die Protektorate het nie net vir Suid-Afri= ka aanvaarbaar geword nie; dit het ook ingeskakel by sy toekomsbeplanning en -ontwikkeling.

Suid-Afrika is uit die aard van die saak ten diepste deur hierdie ver= anderings geraak en dit spreek vanself dat hy nie afsydig daarteenoor kon staan nie. Daarom het Verwoerd dan ook in September 1963 'n beroep op die Britse regering gedoen om Suid-Afrika die geleentheid te gee om die Protek= torate op die weg van onafhanklikheid en selfstandigheid te lei.[23)]

Hy het dit baie duidelik gestel dat Suid-Afrika geen ambisie het om die Protektorate oor te neem nie, maar hy was daarvan oortuig dat dit tot voor= deel van die gebiede sou strek indien Suid-Afrika die leiding sou neem in hulle opvoeding tot onafhanklikheid. Hy het dit soos volg opgesom: „Ons moet be= sef dat die Protektorate ekonomies verbind en afhanklik van Suid-Afrika is. Brittanje is amper magteloos ten opsigte van die ekonomiese kwesbaarheid van gebiede."[24)]

Later het hy verder gegaan deur die moontlikheid te opper van 'n ge= meenskapsmark vir Suidelike Afrika waarin die Protektorate 'n belangrike rol kan speel en waaruit hulle groot ekonomiese voordeel kan put.[25)]

Hierdie beleid moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat Suid-Afrika dit nie kan bekostig om hierdie gebiede in die steek te laat nie. Hy moes die geleentheid tot toenadering van die kant van die Protektorate aangryp, aangesien die vriendskap van hierdie gebiede later die hefboom kan

23) Die Transvaler: 4 September 1963. p.1, kol. 1-3.

24) Ibid.

25) Spence. Republic under presure, p.94.

word waarmee hy die anti-Suid-Afrikaanse houding van die res van Afrika uit die weg kan ruim. In der waarheid het Suid-Afrika die vriendskap van die voormalige Britse Protektorate net so nodig as wat hulle dié van Suid-A= frika het.

Daar het dus 'n hele omwenteling in Suid-Afrika se verhouding tot die voormalige Britse Protektorate gedurende die Verwoerd-bewind na vore ge= tree. Die ou agterdog van die gebiede teenoor Suid-Afrika is besig om plek te maak vir 'n nuwe strewe na samewerking. Omstandighede het dus die klaarblyklike oplossing gebring vir die probleem waarmee Suid-Afrika sedert 1910 te kampe gehad het.

## 2. Die geskil oor Suidwes-Afrika

Die geskil wat daar sedert 1946 tussen Suid-Afrika en die V.V.O. oor Suidwes-Afrika bestaan het, het gedurende die bewind van Verwoerd tydelik tot 'n keerpunt gekom. Na jare van vrugtelose pogings om 'n ooreenkoms oor die aangeleentheid te bereik, het Ethiopië en Liberië in 1960 'n hofsaak oor die Suidwes-aangeleentheid by die Wêreldhof in Den Haag aanhangig gemaak. Die aanklag wat teen Suid-Afrika ingebring is en waaroor die hof uitspraak moes gee, het op die volgende berus:[26)]

i. Die mandaat wat in 1920 aan Suid-Afrika gegee is, het verstryk.

ii. Die toesighoudende funksie kragtens die mandaat van die Volkebond het in die hande van die V.V.O. oorgegaan.

iii. Die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling is in stryd met die bepaling van die Volkebondsmandaat dat Suid-Afrika die belange van die inwoners van Suidwes-Afrika tot die uiterste moet bevorder.

iv. Suid-Afrika poog om Suidwes-Afrika in te lyf of om die mandaat te ver= ander.

v. Suid-Afrika rig militêre basisse in Suidwes-Afrika op.

26) International Court of Justice. South West Africa cases, p.86.

Suid-Afrika het in sy verweer hierdie bewerings ontken en verwerp. Hy het aangevoor dat hy Suidwes steeds volgens die Volkebondsmandaat be= stuur, en dat die toesighoudende funksie van die Volkebond nie in die hande van die V.V.O. oorgegaan het nie.[27)]

Dit spreek vanself dat hierdie hofgeding die verhouding tussen Suid-Afrika en Suidwes opnuut in die kalklig gebring het. Soos reeds aangetoon bestaan daar 'n baie nou band tussen Suid-Afrika en Suidwes wat deur Ver= woerd soos volg gestel is: „Tussen die Republiek en Suidwes bestaan 'n ge= voel van lotsgebondenheid. Wat met die Republiek gebeur, gebeur met Suid= wes. Wat met Suidwes gebeur, gebeur met die Republiek."[28)] Daarom het hy ook die verhouding tussen Suid-Afrika en Suidwes gesien na analogie van die Amerikaans-Kubaanse verhouding. Net soos Amerika in die geval van Kuba, sal Suid-Afrika hom met alle mag tot sy beskikking verset teen die V.V.O. se oorname van Suidwes. Indien dit gebeur, is Suid-Afrika as or= delike blanke staat tot ondergang gedoem.[29)]

Op 18 Julie 1966 het die Wêreldhof egter ten gunste van Suid-Afrika uitspraak gegee. Hierdie uitspraak het 'n einde gemaak aan die juridiese ge= skil oor Suidwes, maar dit het nie die geskil uit die weg geruim nie. Die stryd om Suidwes het vanaf 'n juridiese in 'n politieke stryd oorgegaan, 'n stryd waarvan die einde nog lank nie in sig is nie.

Hoewel daar dus ernstige verwikkelinge in die geskil oor Suidwes ge= durende die regeringstyd van Verwoerd plaasgevind het, is daar gedurende hierdie tydperk niks nader aan 'n uiteindelike oplossing gekom nie. Basies staan Suid-Afrika nog in dieselfde verhouding tot Suidwes as in 1946, en duur die stryd met die V.V.O. nog onverpoos voort.

27) Ibid.

28) Die Vaderland: 18 Julie 1966. p.10.

29) Ibid.

3. Suid-Afrika en Rhodesië

Net soos in die geval van die voormalige Britse Protektorate, het daar ook 'n baie belangrike verandering in die verhouding tussen Suid-Afrika en Rhodesië gekom.

Tydens die ontbinding vandie Sentraal-Afrikaanse Federasie het Ver= woerd dit duidelik gestel dat Suid-Afrika, soos in die verlede, steeds sal strewe na samewerking met die gebiede ten noorde van die Limpopo. Hy het egter idees van inskakeling van Suid-Rhodesië by Suid-Afrika verwerp as on= praktiese politiek. Hy het die Suid-Afrikaanse verhouding tot Rhodesië soos volg gestel: „As Rhodesië in die toekoms 'n onafhanklike staat sou word, of dit regeer word deur 'n veelrassige regering soos nou, of selfs deur 'n blan= ke of swart regering, sal samewerking soos tussen soewerein-onafhanklike state verwelkom word."[30)]

Hierdie strewe na samewerking vanaf Rhodesiese kant het wel gekom en juis vanweë die blankes se strewe om hulle gesag in die gebied te hand= haaf. Dit het gelei tot die eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië en sy daaropvolgende stryd teen Brittanje en vrywel die hele wêreld. Hier= die toedrag van sake het Rhodesië tot 'n baie groot mate van die hulp van Suid-Afrika afhanklik gemaak. Na die verloop van bykans 'n halwe eeu het Rhodesië dus uiteindelik die inisiatief opgeneem.

Dit spreek vanself dat Suid-Afrika hierdeur in 'n uiters moeilike po= sisie geplaas is. Aan die een kant is dit vir hom van kardinale belang dat die blanke gesag ten noorde van die Limpopo gehandhaaf moet word, en daarom is dit vir Suid-Afrika nodig om Rhodesië so ver moontlik te ondersteun en by te staan. Die toekoms van Rhodesië sal in 'n groot mate bepalend wees vir die toekoms van Suid-Afrika as blanke staat in die kontinent. Aan die ander

30) Debatte van die Volksraad, kol. 4843. 28 April 1963.

kant kan Suid-Afrika, indien hy Rhodesië openlik as onafhanklike staat erken en toelaat dat sy belange té nou met dié van sy buurland vervleg raak, sy po= sisie in die internasionale politiek nog verder verswak.

Met hierdie oorweging voor oë en gerugsteun deur Suid-Afrika se feitlik tradisioneel geworde beleid van geen inmenging in die huishoudelike sake van 'n ander staat nie, het Verwoerd Suid-Afrika se verhouding tot Rhodesië soos volg saamgevat: „Die Suid-Afrikaanse regering weerhou hom opsetlik van enige inmenging in of kommentaar oor die onderhandelinge tus= sen die Britse en Rhodesiese regering oor onafhanklikheid vir Rhodesië."[31) ] Hierdie beleid het hy steeds in alle omstandighede bly handhaaf.

Hoewel Suid-Afrika en Rhodesië dus gedurende die Verwoerd-bewind nader aan mekaar beweeg het, het Suid-Afrika hom steeds weerhou van direk= te inmenging in die aangeleenthede van sy buurstaat.

## IV. Samevatting

Hoewel ons nog te na aan die einde van Verwoerd se bewind staan om sy invloed op Suid-Afrika se verhouding tot die res van Afrika behoorlik na waarde te skat, is dit onteenseglik so dat hy 'n nuwe dimensie in die hele toedrag van sake gebring het.

Sy belangrikste bydrae was geleë in die daarstelling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Gedurende die bewind van sy voorgangers was dit juis die dikwels negatiewe strekking van Suid-Afrika se rassebeleid wat die doeltreffende skakeling tussen Suid-Afrika en die nie-blanke Afrikastate aan= sienlik bemoeilik het. Deur 'n beleid van nasionale vryheid vir sy verskillen= de bevolkingsgroepe in die vooruitsig te stel, is hierdie struikelblok egter teoreties in 'n groot mate uit die weg geruim. Dit het veroorsaak dat die vrywording van die Afrikastate heeltemal aanvaarbaar geword het vir en

31) Die Burger: 12 November 1965. p.4.

versoenbaar was met Suid-Afrika se binnelandse beleid. Sodoende is die ba=sis gevorm vir die nuwe verhouding tussen Suid-Afrika en die res van die vasteland wat aan die einde van die Verwoerd-bewind begin vorm aanneem het.

Verwoerd het 'n nuwe realisme gebring in Suid-Afrika se siening van gebeure in Afrika en sy verhouding daarteenoor. Hy het die weg aangedui van 'n proses van konsolidering en heraanpassing by veranderde omstandig=hede na 'n nuwe tydvak van uitwaartse beweging in Suid-Afrika se verhouding tot die res van die vasteland.

Hoofstuk 6
'N SLOTBESKOUING

Die jare tussen 1945 en 1966 is 'n tydperk van revolusionêre veran= derings in die wêreldgeskiedenis; dit het die einde gebring aan 'n tydvak wat oorheers is deur die onbetwisbare leierskap van Wes-Europa in die interna= sionale raamwerk. Uit die afloop van die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe bedeling ontstaan waarvolgens die wêreld in twee teenoorstaande kampe ver= deel is, met twee nie-Wes-Europese moondhede as onderskeie leiers. By hierdie magstryd tussen Ooste en Weste is vrywel die hele wêreld betrokke, sodat afsydigheid van gebeure op internasionale vlak vir enige land totaal on= moontlik geword het.

Hierdie veranderings het ook weerklank gevind in Afrika. Hierdie vasteland, wat so lank feitlik geen noemenswaardige rol in die internasiona= le politiek gespeel het nie, het skielik tot nasionale ontwaking gekom. Dit het tot uiting gekom in die omverwerping van die koloniale gesag en is ge= kenmerk deur 'n sterk anti-blanke gevoel. In die plek van die Wes-Europese koloniale bedeling het nou 'n groot aantal onafhanklike nie-blanke state in Afrika ontstaan, wat onmiddellik 'n belangrike faktor in die internasionale politiek geword het. Afrika is skielik in 'n groot mate in die brandpunt van die internasionale belangstelling geplaas.

Hierdie veranderings het vanselfsprekend 'n groot invloed op die po= sisie van Suid-Afrika as blanke staat aan die suidpunt van Afrika gehad. Die koloniale orde het as buffer én as skakel tussen hom en die res van die vaste= land gedien. Die verdwyning hiervan het hom in 'n totaal nuwe posisie ge= plaas. Skielik is hy die veiligheid ontneem wat die teenwoordigheid van Wes-Europese koloniale beheer aan hom gebied het en moes hy begin om nuwe brûe met die state ten noorde van die Limpopo te bou.

Die tydperk 1945-1966 word dus gekenmerk deur radikale verande=

rings wat 'n nuwe dimensie aan internasionale verhoudings gegee het en wat 'n heraanpassing by veranderde omstandighede noodwendig gemaak het.

Die ontstaan van die nuwe verhouding tussen Suid-Afrika en die res van Afrika het hoofsaaklik in drie hoofafdelings uiteengeval. Die eerste tyd=perk, tussen die jare 1945 en 1955, is gekenmerk deur Suid-Afrika se afwy=sende houding teenoor die voortekens van die ontwakende nasionalisme in die vasteland en sy pogings om die koloniale gesag te laat voortbestaan. Die tweede fase, wat rofweg tussen die jare 1955 en 1958 val, was 'n oorgangs=tydperk waarin Suid-Afrika die onafwendbaarheid van die ontstaan van nuwe state op die vasteland begin aanvaar het. In die derde fase, wat sedert 1958 strek, het hy hom met die nuwe bedeling begin vereenselwig en begin om sy posisie as blanke Afrikastaat te konsolideer en uit te bou.

Die ontwikkeling van die staatkundige verhouding tussen Suid-Afrika en die res van die vasteland het dus nie onmiddellik en sonder slag of stoot tot stand gekom nie. Die vroeë reaksie van Suid-Afrika op die omwenteling in die vasteland was dan ook defensief en dikwels negatief. Hierdie toestand was veral opvallend in die lig van die feit dat Suid-Afrika, wat in werklikheid die voorloper van die nasionale ontwaking in Afrika was, hom daarvoor be=ywer het om imperialisme in die res van die vasteland staande te hou. Dit is wel waar dat die Suid-Afrikaanse teenkanting meestal gerig was teen die oor=haastige onttrekking van die blanke gesag uit die koloniale gebiede. Die beeld is egter ook soms geskep dat Suid-Afrika die beginsel van kolonisasie aanhang en selfs deel vorm van die koloniale orde. Sy houding teenoor die Afrikare=volusie was dikwels té afwysend en negatief. Sodoende het hy meegewerk met die anti-Suid-Afrikaanse wêreldmening om sy posisie in die kontinent te bemoeilik en hom feitlik van die res van Afrika te isoleer.

In 'n mate is hierdie strewe na die behoud van die koloniale orde egter verstaanbaar. Wes-Europa is immers die politieke en kulturele bakermat van die blankes in Suid-Afrika. Daarom het Suid-Afrika sy rol in die vaste=land so lank gesien as bloot 'n verlenging van Wes-Europese gesag. Die aan=

wesigheid van die koloniale moondhede was vir hom sinoniem met sy veilige voortbestaan in Afrika.

Die politieke partystryd binne Suid-Afrika het ook lank 'n struikel= blok in die weg van 'n positiewe Afrikabeleid gevorm. Die sgn. rassekwes= sie het sedert 1948 'n baie belangrike rol in die land se partystryd gespeel. Die regering se beleid van rasseskeiding was in hierdie tydperk ook nog in 'n ontwikkelingstadium. Dit was juis in die middel-vyftigerjare, toe nasiona= lisme in Afrika sterk na vore getree het, dat die Suid-Afrikaanse beleid on= gelukkig 'n negatiewe karakter verkry het deur dit aan die idee van „blanke baasskap" te koppel. Hierdeur is skakeling met die nuwe Afrikastate baie bemoeilik. Dit is opvallend dat hierdie tydperk ook die begin was van die amptelike Suid-Afrikaanse erkenning dat die vrywording van Afrika 'n onaf= wendbare werklikheid is. Suid-Afrika het begin soek na nouer skakeling en vriendskapsbande met die nuwe state. Hierdie proses is egter aansienlik bemoeilik deur die feit dat gelyke skakeling met nie-blanke state beswaarlik versoenbaar was met 'n binnelandse beleid gekoppel aan die idee van blanke baasskap. Daar sou eers 'n klemverskuiwing in Suid-Afrika se rassebeleid moes kom voordat die gewenste skakeling met die nuwe Afrikastate moontlik sou wees.

Tot dusver is daar nog net gewys op die negatiewe aspekte wat die ontwikkeling van Suid-Afrika tot 'n volwaardige Afrikamoondheid bemoeilik het. Daar het in hierdie tyd egter ook veel positief plaasgevind. Dit is hoof= saaklik beliggaam in Suid-Afrika se pogings tot samewerking op tegniese en wetenskaplike gebied met die ander state in Afrika. Hoewel dit vir 'n lang tyd nutteloos gelyk het, het die Suid-Afrikaanse leiers steeds 'n hand van vriendskaplike samewerking aan die gebiede ten noorde van die Limpopo ge= reik. Sodoende is die deur tot beter betrekkinge steeds deur Suid-Afrika oopgehou ondanks die vyandigheid en haat wat van hoër op in die vasteland gekom het.

Die mees positiewe stap was egter die Suid-Afrikaanse aanvaarding

van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in die regeringstyd van dr. Ver=woerd. Deur 'n beleid van nasionale vryheid vir sy verskillende bevolkings=groepe in die vooruitsig te stel, is die inkonsekwensie in die verhouding tus=sen Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid uit die weg geruim. Die vrywording van die Afrikastate was nou heeltemal aanvaarbaar vir en versoen=baar met sy binnelandse beleid. Aan die ander kant was daar nou inderdaad geen regverdiging meer vir 'n aandrang op die behoud van die koloniale ge=sag in die kontinent nie - hoewel dit nie onmiddellik laat vaar is nie. Die be=leid van afsonderlike ontwikkeling het 'n nuwe beslag aan Suid-Afrika se po=sisie in Afrika gegee.

Die ontwikkeling van Suid-Afrika tot 'n volwaardige Afrikastaat is verder versterk deur die finale onttrekking van die koloniale magte uit die kontinent. Dit het hom voor die voldonge feit geplaas dat daar geen blanke buffer of skakel meer tussen hom en die res van die vasteland was nie. Die illusie van veiligheid wat die teenwoordigheid van die koloniale raamwerk aan hom verleen het, het verdwyn. Hierdeur is Suid-Afrika voor die keuse geplaas van algehele isolasie aan die suidpunt van die vasteland óf 'n doelge=rigte beleid van uitwaartse skakeling. Sy posisie in die vasteland het geen alternatief behalwe volle aanvaarding van sy rol as volwaardige Afrikastaat moontlik gemaak nie. Uit hierdie besef is die nuwe fase in Suid-Afrika se staatkundige verhouding tot die res van Afrika gebore - die fase wat eintlik eers in 1967 in werking sou tree.

'n Ontleding van die verhouding tussen Suid-Afrika en die res van A=frika - sy buurgebiede uitgesluit - in die tydperk 1945-1966 toon weinig po=sitiewe ontwikkeling. Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat toena=dering nie 'n eensydige proses is nie. Hoewel Suid-Afrika vanaf 1945 onver=poos voortgegaan het om die hand van vriendskap aan die res van die vaste=land te bied, was die toenadering nie wedersyds nie. In hierdie tydperk het Suid-Afrika egter sy posisie as blanke Afrikastaat binne die kontinent gekon=solideer en in hierdie proses die basis geskep vir die ontstaan van 'n nuwe

tydvak in sy verhouding tot die res van die vasteland.

Die bepalende faktor in Suid-Afrika se verhouding tot sy onmiddellike buurgebiede was altyd geleë in interafhanklikheid. Daar was wel 'n tydperk dat Rhodesië en die voormalige Britse Protektorate hulle heil in samewerking met Brittanje gesoek het, maar die geografiese verhouding van hierdie gebie= de tot Suid-Afrika het 'n steeds groeiender afhanklikheid onafwendbaar gemaak. Sedert 1945 het daar 'n steeds nouer vervlegting van Suid-Afrika se belange met dié van sy buurgebiede gekom, totdat dit vandag feitlik heeltemal met me= kaar ineengestrengel is. Dit is dan ook juis hierdie aspek wat die deurslag= gewende faktor kan word in Suid-Afrika se verhouding tot die hele res van A= frika.

* * * * * * *

Ten spyte van al die probleme, verspeelde geleenthede en mislukte pogings in Suid-Afrika se strewe na die daarstelling van 'n volwaardige ver= houding tot die res van Afrika, is die grondslag in die onderhawige periode gelê vir die nuwe fase wat in 1966 in aanvang geneem het. Die jare 1945 tot 1966 was nog nie die begin van hierdie verhouding nie; veel eerder was dit die afskaduwing en voorbereidingstyd van dit wat later sou kom.

BIBLIOGRAFIE

## I. Literatuurverwysings

### 1. Boeke


ARNOLD, H.J.P. Aid for development. Londen, Bodley Head, 1966.

BLANCKENBERG, P.B. The thoughts of General Smuts. Kaapstad, Juta, 1951.

COHEN, S.B. Geography and politics in a world devided. New York, 1963.

COPE, J. South Africa. Londen, Ernest Benn, 1965.

GOLDBLATT, I. The mandated territory of South West Africa in re= lation to the United Nations. Kaapstad, Struik, 1961.

HAILY, Lord. An African survey. Londen, O.U.P., 1957.

HAILY, Lord. The Republic of South Africa and the High Commis= sion Territories. Londen, O.U.P., 1963.

IMISHUE, R.W. South West Africa. Londen, Pall Mall, 1905.

INTERNATIONAL COURT OF JUSTICE. South West African cases; preliminary objections filed by the government of the Republic of South Africa. Den Haag, 1961.

KRÜGER, D.W. Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad, Nasou, 1965.

LONDON, K. The making of foreign policy. Philadelphia, Lippencott, 1965.

MUNGER, S.E. Notes on the formation of South African foreign po= licy. Pasadena, Grand Dahlstrom, 1965.

MANSERGH, N. Documents and speeches on British Commonwealth affairs. (2 dele) Londen, O.U.P., 1953.

PELZER, A.N. Verwoerd aan die woord - toesprake 1948-1962. Johannesburg, A.P.B., 1963.

PIENAAR, S.W. & SCHOLTZ, J.J.J. Glo in u volk - D.F. Malan as redenaar. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1964.

PALMER, N.D. & PERKINS, H.C. International relations. Boston, Houghton Mifflin, 1957.

P.U. vir C.H.O. Blik op Afrika; voordragte voor die Afrika-semi=naar van die P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, Pro Rege, 1962.

SCHOLTZ, G.D. Die stryd om die wêreld. Johannesburg, Voortrek=kerpers, 1962.

SCHOLTZ, G.D. Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1962.

SMUTS, J.C. (snr.) Groter Suid-Afrika; planne vir 'n beter wêreld. Johannesburg, 1962.

SPENCE, J.E. Republic under pressure. Londen, O.U.P., 1965.

VERLOREN VAN THEMAAT, J.P. Staatsreg. Durban, Butterworths, 1956.

## 2. Tydskrifartikels

LOUW, E.H. The Union and the emergent states of Africa. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, no. 1, 1959.

VAN HEERDEN, W. Africa and South African Politics. Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, no. 1, 1959.

## 3. Staatspublikasies

LOUW, E.H. The Union's Africa Policy. 'n Toespraak gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting as „fact paper 33". April 1957.

VERWOERD, H.F. The road to freedom. 'n Toespraak gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting as „fact paper 107". September 1963.

UNION OF SOUTH AFRICA. Debates of the House of Assembly.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Debatte van die Volksraad.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Debatte van die Volksraad.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Dept. van Sensus en Statistiek. Offisiële jaarboek, no. 30-1960.

## 4. Koerante

DAGBREEK EN SONDAGNUUS. 6 Augustus 1951.

DIE BURGER. 31 Desember 1950; 4 Februarie 1960; 5 Februarie 1960; 10 Februarie 1960.

THE STAR. 3 Februarie 1960; 20 Julie 1966.

DIE TRANSVALER. 26 Augustus 1955; 11 Maart 1960; 13-16 Julie 1966; 23 Julie 1966.

DIE VADERLAND. 18 Julie 1966.

5. Vervolgpublikasies

KEESING'S CONTEMPORARY ARCHIVES. 1945-1966.

## II. Ander bronne

1. Boeke

AUSTIN, D. Britain and South Africa. Londen, O.U.P., 1966.

BLACK, J.E. & THOMPSON, K.W. Foreign policy in a world of change. New York, Harper & Row, 1963.

BROOKES, E.H. South Africa in a changing world. Kaapstad, O.U.P., 1953.

BRUWER, J.P. van S. South West Africa: the disputed land. Kaap=stad, Nasionale Boekhandel, 1966.

DE BLIJ, H.J. Africa South. Northwestern University Press, 1962.

GATZKE, H.W. The present in perspective; a look at the world since 1945. Chicago, Rand McNally, 1965.

HARRIGAN, A. The new Republic; South Africa's role in the world. Pretoria, Van Schaik, 1966.

HILLSMAN, R. & GOOD, R.C. Foreign policy in the sixties. Bal=timore, John Hopkins, 1965.

LOUW, E.H. The case for South Africa. New York, Macfadden, 1963.

McKAY, V. African in world politics. New York, Harper & Row, 1963.

McLELLAN, D.S. The cold war in transition. New York, MacMillan, 1966.

OLIVER, R. & ATMORE, A. Africa since 1800. Cambridge, Univer=sity Press, 1967.

SMUTS, J.C. (snr.) Africa and some world problems. Oxford, Claredon Press, 1930.

SMUTS, J.C. (jnr.) Jan Christian Smuts. Londen, Cassel, 1952.

VAN DEN BERGE, P.L. South Africa, a study in conflict. Middle= ton, Wesleyan University Press, 1965.

WALKER, A.E. A history of Southern Africa. Londen, Longmans, 1962.

WALLBANK, T.W. Documents on modern Africa. Princeton, Van Nostrand, 1964.

WELENSKY, Sir R. Welensky's 4000 days. Londen, Collins, 1964.

2. Tydskrifartikels

HOSKYNS, C. The African states and the United Nations, 1958-1964. International Affairs, vol. 40, no. 3. Julie 1964.

IDENBURG, P.J. Amerika's beleid voor Afrika. Internationale Spectator, vol. 14, no. 9. (I) 1960.

IDENBURG, P.J. Sowjet-Ruslands belangstelling voor Afrika. Internationale Spectator, vol. 14, no. 1. (I) 1960.